Die boer se gids vir die voorkoming en hantering van veediefstal



# HANDLEIDING VIR VEEDIEFSTAL-VOORKOMING

NASIONALE VEEDIEFSTALVOORKOMINGSFORUM

NASIONALE VEEDIEFSTAL VOORKOMINGSFORUM | NATIONAL STOCK THEFT PREVENTION FORUM

# HANDLEIDING VIR VEEDIEFSTALVOORKOMING

## Die boer se gids vir die voorkoming en hantering van veediefstal


deur

die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum

NASIONALE VEEDIEFSTAL VOORKOMINGSFORUM | NATIONAL STOCK THEFT PREVENTION FORUM

in samewerking met

agriculture, forestry & fisheries
Department: Agriculture, Forestry and Fisheries
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA



Uitgegee deur
Agri Connect (Pty) Ltd
2015

Kopiereg © 2014 – Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum en Rooivleisprodusente-organisasie.
Eerste uitgawe, tweede druk, 2015
ISBN: 978-0-9922220-7-9

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder die skriftelike toestemming van die redakteur, uitgewer of kopiereghouers gereproduseer of in enige vorm of deur enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, skyf- of bandopname, of deur enige ander stelsel vir inligtingsbewaring of -ontsluiting.

Redakteur: Karen Grobler
Medewerkers: Willie Clack, kapt Rassie Erasmus, maj Steve Roets, adv Jacques Swanepoel
Uitgewer: Leza Putter
Subredakteur: Michele van Loggerenberg
Ontwerp: Olga de Wet
Reproduksie: Agri Connect (Pty) Ltd
Posbus 1284
Pretoria, 0001
Suid-Afrika

Gedruk en gebind deur Typo, Johannesburg, Suid-Afrika

Hierdie handleiding is moontlik gemaak deur die vrygewige bydrae van die rooivleisbedryf en die volgende borge:

www.absa.co.za
Tel: 011 350 6854

www.afrivet.co.za
Tel: 012 817 9060

www.cmw.co.za
Tel: 041 406 7500

www.daff.gov.za
Tel: 012 319 6000

www.gwk.co.za
Tel: 053 832 5227 & 042 295 2639


www.rpo.co.za
Tel: 012 348 1933

*O om ’n boer te wees wat werk*
*met sy hande in die son*
*die liewe, lange dag; om saans*
*moeg terug te kom*
*van die lande, en te slaap*
*tot die rooidag deur die vensters breek,*
*en teen die tweede hanekraai, oor die ryp,*
*die ploegstert vas te hou.*

*O om boer te wees en te werk*
*in God se sonskyn en reën;*
*om nooit te twyfel dat Hy weet*
*wat die beste is; om nog te glo,*
*as sy hart wil breek,*
*en voel dat hy, boer alleen,*
*met God kan praat, en dank*
*as laag-druipend daal die reën.*

*W E G Louw*

# VOORWOORD



Die Suid-Afrikaanse boer se voortbestaan word uit talle oorde bedreig – die stygende koste van arbeid, diesel en elektrisiteit vreet baie boere se wins op. Naas veeslagtings deur roofdiere, is veediefstal boonop besig om die veebedryf in Suid-Afrika stadig maar seker lam te lê.

Veediefstal in Suid-Afrika is ‘n enorme probleem en dit bedreig die volhoubaarheid van veeboerdery in die meeste provinsies ernstig. Hierdie misdaad, wat beide kommersiële en opkomende boere raak, het 'n lonende besigheid geword. Oor die afgelope vyf jaar was daar gemiddeld 30 000 veediefstalsake per jaar met ’n gekombineerde waarde van R750 miljoen per jaar. Met soveel geld uit ons beursie, is dit verstaanbaar dat ons produsente ’n gevoel van magteloosheid ervaar en soms wonder of ons moet voortgaan om met vee te boer.

Die veebedryf self het egter ook skuld aan die hoë voorkoms van veediefstal. Die meeste deelnemers wat met vee handel dryf, veronagsaam die bepalings van die Wet op die Identifikasie van Diere en die Wet op Veediefstal, wat beweging beheer, en voldoen dus nie aan die basiese vereistes om veediefstal te bekamp nie.

Hierdie euwel het ’n verlammende uitwerking op kommersiële sowel as opkomende boere in die land. Die polisie se veediefstaleenhede kan dié misdaad nie alleen beveg nie en lede van die veebedryf wat nie die betrokke wetgewing nakom en hul vee merk nie, dra by tot die voorkoms van die diefstal.

In ’n poging om die bedreiging van veediefstal die hoof te bied, het die RPO nasionale en provinsiale veediefstalvoorkomingsforums gestig om ’n verteenwoordigende struktuur in die georganiseerde landbou se stryd teen veediefstal te vorm. Deur dié forums skakel die verskillende rolspelers met mekaar om oplossings te vind en voorkomende maatreëls in plek te stel om veediefstal doeltreffend te bekamp.

Hierdie handleiding is ’n uitvloeisel van die werk wat deur die forums gedoen word, en ek hoop dat dit elke vee-eienaar met die nodige kennis sal toerus sodat die veebedryf ’n verenigde front teen hierdie verlammende misdaad kan vorm.

*Jaco Maré*
Voorsitter: Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum, 2014

# BEDANKINGS

Hierdie projek is 'n inisiatief van die Nasionale Veediefstalvoorkomingsforum en ek is dank verskuldig aan Jaco Maré, lede van die forum asook Gerhard Schutte van die Rooivleisprodusente-organisasie wat my met kennis en raad bygestaan het tydens die saamstel van die boek.

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, die SAPD Veediefstaleenheid, die Nasionale Vervolgingsgesag en die Departement van Korrektiewe Dienste was ons behulpsaam met die verkryging van toepaslike inligting uit hul bronne, en ek stel dit hoog op prys.

Sonder die hulp van my medewerkers – Willie Clack, kapt Rassie Erasmus, maj Steve Roets en adv Jacques Swanepoel – wat hul bydraes stiptelik gelewer het en gehelp het met die tegniese versorging, sou ek nie hierdie boek kon saamstel nie.

Laastens, maar nie die minste nie, is ek dankbaar vir die rooivleisbedryf en die ander borge se vrygewige bydrae tot die produksie van die boek.

*Karen Grobler*
Redakteur

# INLEIDING

Hierdie omvattende handleiding behoort elke vee-eienaar in sy bakkie of op sy bedkassie te hou. Dit is die boer se eenstopgids vir die voorkoming en hantering van veediefstal. Die meeste van die inligting wat in die handleiding vervat is, is bekend en beskikbaar, maar dit is nog nêrens in een gids saamgevat nie.

Die handleiding dek alle aspekte van veediefstal en die bekamping daarvan. Die twee bekendste wette wat op veediefstal van toepassing is – die Wet op die Identifikasie van Diere en die Wet op Veediefstal – word breedvoerig behandel. Ander toepaslike wette soos die Wet op Oortreding en die Omheiningswet word ook bespreek.

Die korrekte optrede nadat veediefstal plaasgevind het, wat die boer van amptenare kan verwag, hoe die strafregstelsel werk, en waar om aan te klop indien jy nie tevrede is nie, word uitgelig. QR-kodes is deurgaans gebruik wat die leser toegang gee tot die volledige wette soos dit in die Staatskoerant vervat is. Die onderskeie artikels van die wette wat bespreek is, word aan die begin van die bespreking *verbatim* (in ’n grys blokkie) aangehaal, waarna die implikasies vir vee-eienaars bespreek word.

Alle wetgewing word in een van die volgende kategorieë geplaas:

- ’n Gebiedende bepaling verplig ’n optrede wat gevolg moet word. Soms word ’n gevolg (byvoorbeeld ’n strafaksie) genoem indien die verpligting nie nagekom word nie. Dit beteken dat die vee-eienaar moet doen soos wat die wet beveel. Sulke bepalings bevat gewoonlik woorde soos “moet”, “sal”, “is verplig”, ensovoorts.
- ’n Magtigende bepaling bepaal hoe opgetree mag word. Die wet gee ’n mens dus toestemming om sekere aksies op ’n sekere wyse uit te voer. Dit beteken nie dat die persoon verplig is om dit te doen nie. Magtigende bepalings bevat gewoonlik woorde soos “mag”, “kan”, “is gemagtig om”, “word toegelaat”, “is bevoeg om”, ensovoorts.
- ’n Verbiedende bepaling verbied sekere optredes. Dit bepaal dus dat sekere optredes nie toelaatbaar is nie. Dit gaan normaalweg gepaard met ’n sanksie of strafmaatreël wat in werking tree indien die verbod oortree word. Sulke bepalings bevat gewoonlik woorde soos “niemand mag”, “geen persoon sal”, “mag nie”, “dit is ontoelaatbaar dat”, “sal nie”, ensovoorts.

Met hierdie handleiding het vee-eienaars nie meer die verskoning dat hulle nie weet wat hulle verpligtinge is nie. Gebruik hierdie gids, pas die wette toe en lewer so ’n bydrae in die stryd teen veediefstal.

# INHOUDSOPGAWE


Voorwoord ..... 05

Bedankings ..... 06

Inleiding ..... 07

1. Merk van diere ..... 12

1.1 Identifikasie van diere ..... 12

1.2 Wetlike implikasies ..... 15

1.3 Regulasies (artikel 18) ..... 17

1.4 Merkgids vir warmbrand, vriesbrand en tatoeëring ..... 20

1.5 Letters en simbole ..... 22

2. Bemarking van diere ..... 24

2.1 Verkoop en herverkoop van diere ..... 24

2.2 Van wie mag vee aangekoop word? ..... 27

2.3 Verwyderingsertifikaat ..... 28

3. Wanneer veediefstal plaasvind ..... 32

3.1 Bewaring van toneel en bewyse ..... 32

3.2 Aanmelding van veediefstal ..... 33

3.3 Gebruik van DNS-tegnologie ..... 34

3.4 Klaer se verklaring ..... 35

3.5 Addisionele klagtes van dieremishandeling ..... 38

3.6 Slagoffershandves ..... 39

3.7 Onbevredigende ondersoek ..... 42

4. Strafregstelsel ..... 44

4.1 Stappe in die strafregstelsel ..... 44

4.2 Regte van slagoffers in die strafregstelsel ..... 45

4.3 Verskyning in die hof ... 46
4.4 Uitstel van hofsaak ... 50
4.5 Vergoeding ... 50
4.6 Paroolrade ... 53
4.7 Meganismes vir klagtes ... 55

5. Ander toepaslike wetgewing ... 58
5.1 Skutwet ... 58
5.2 Wet op Oortreding ... 59
5.3 Omheiningswet ... 60
5.4 Dierebeskermingswet ... 61
5.5 Wet op die Aanpassing van Boetes ... 61
5.6 Onwettige jag met honde ... 61

6. Voorkoming van veediefstal ... 64
6.1 Veiligheidswenke ... 64
6.2 Veediefstalvoorkomingsforums ... 66
6.3 Veediefstalinligtingsentrums ... 67
6.4 Kontakbesonderhede ... 69

7. Bronnelys ... 77

*Merk alle vee soos die wet vereis met 'n tatoeëer- of brandmerk*

HOOFSTUK 1

# MERK VAN DIERE

01

Die toename in veediefstal kan in baie gevalle toegeskryf word aan die feit dat vee nie behoorlik gemerk is nie. Voerkrale, boere, spekulante, afslaers, abattoirs en kopers op veilings kan wetend of onwetend ontvangers van gesteelde vee wees. Hulle oortree dan die wet en kan swaar beboet of vervolg word.

## 1.1 IDENTIFIKASIE VAN DIERE

'n Wettige, permanente merk is die eerste verdedigingslinie teen veediefstal. In Suid-Afrika maak wetgewing voorsiening vir 'n doeltreffende diere-identifikasiestelsel.

Die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002), maak die merk van vee verpligtend. Dit help die bedryf en die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) om veediefstal te bestry en om gesteelde vee makliker te kan terugvind. Dit blyk egter dat die meeste persone en instansies wat in vee handel dryf, nie die bepalings van die betrokke wetgewing nakom nie en dus nie voldoen aan die basiese vereistes om veediefstal te bekamp nie.

Baie hofsake oor veediefstal moet geskrap word weens geskille oor die positiewe identifikasie van gesteelde vee en omdat eienaarskap nie bewys kan word nie. As 'n dier met 'n geregistreerde merk of tatoeëermerk gemerk is, kan sulke geskille vermy word. Warmysterbrandmerke vir beeste en tatoeëermerke vir kleinvee bly die mees kostedoeltreffende maniere om hierdie groepe diere te merk.

Die Wet op die Identifikasie van Diere vervang die Wet op Veebrandmerke (Wet 87 van 1962). Die nuwe wet bestuur die nasionale register vir diere-identifikasiemerke, wat dien as 'n versterkte verdedigingslinie teen veediefstal, die identifisering van eiendom vergemaklik en opspoorbaarheid bevorder.

**Gebruik QR-kodes:**

Gaan na **www.gettag.mobi** op jou foon se weblaaier. Klik *download*. Die skandeerder is gratis en jy betaal net die datakoste. As jy 'n slimfoon het soos 'n iPhone, BlackBerry, HTC ens, gaan na die toepassingswinkel (App store), soek *Tag Reader*, klik en laai af.

Klik op hierdie QR-kode vir die volledige Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002).

# DIE DIERE-IDENTIFIKASIESTELSEL

Die diere-identifikasiestelsel (AIS) is die nasionale register van diere-identifikasiemerke in Suid-Afrika. In hierdie stadium het slegs die SAPD toegang tot die stelsel.

AIS is 'n uiters gebruikersvriendelike stelsel wat deur enige beampte gebruik kan word na 'n kort opleidingstydperk.

## **Toepassing van die wet** (artikel 2)

> Hierdie wet is van toepassing –
> (a) ten opsigte van die diere wat deur die minister by kennisgewing in die Staatskoerant verklaar is; en
> (b) op die hele nasionale grondgebied van die Republiek van Suid-Afrika.

Die wet is landswyd van toepassing en dit is verpligtend om alle beeste, skape, bokke en varke te merk. Daar is heelwat voordele van wettige merke:

- fisiese afskrikmiddel – veediewe is meer geneig om ongemerkte diere te steel
- positiewe identifikasie
- positiewe bewys van eienaarskap
- doeltreffender polisiëring
- hoër herwinningspersentasie
- maak opsporing moontlik.

## **Wat is 'n identifikasiemerk?** (artikel 4)

> Die minister moet identifikasiemerke voorskryf ten opsigte van elke groep diere waaraan merke ingevolge artikel 5 toegeken kan word.




'n Identifikasiemerk is enige geregistreerde merk wat op 'n dier aangebring word vir watter doel ook al en wat deur die minister voorgeskryf word.

Die volgende merke is uitsonderings:

- 'n merk aan 'n hoef of horing
- 'n verfmerk
- 'n knip, klinknael of plaatjie wat aan die oor aangebring is
- 'n keep of gat.

## **Hoe om 'n identifikasiemerk te registreer** (artikel 5)

> 'n Aansoek om registrasie van 'n identifikasiemerk moet by die registrateur gedoen word op die voorgeskrewe wyse en moet vergesel word van die voorgeskrewe geld. Indien die aansoek voldoen aan die vereistes van hierdie wet moet die registrateur –
> (a) 'n identifikasiemerk aan die applikant toeken
> (b) die identifikasiemerk in die applikant se naam registreer, en
> (c) aan die applikant 'n registrasiesertifikaat van daardie identifikasiemerk uitreik.

- Alle eienaars moet aansoek doen om 'n geregistreerde identifikasiemerk.
- Vorms is verkrygbaar vanaf voorligtings-

kantore, landdroskantore, veediefstal-eenhede van die SAPD of by die registrateur van identifikasiemerke.
- 'n Eenmalige registrasiefooi is betaalbaar – koop inkomsteseëls by die Poskantoor om te betaal vir die registrasie en plak dit aan die onderkant van die vorm waar aangedui.


Adresseer die koevert aan:
Die Registrateur: Diere-identifikasie,
Privaatsak X138, Pretoria, 0001.

- Alle identifikasiemerke moet geregistreer word.
- Die registrasie word op die nasionale register van diere-identifikasiemerke geplaas.
- Dit kan tot twee weke duur om 'n identifikasiemerk te registreer.

Klik op hierdie QR-kode om die aansoekvorm vir die registrasie van 'n identifikasiemerk af te laai.

## **Oordrag van identifikasiemerk** (artikel 9)

'n Eienaar van 'n dier kan op die voorgeskrewe wyse by die registrateur aansoek doen om die oordrag van die registrasie van 'n identifikasiemerk vanaf die naam van enige ander persoon na sy of haar naam.



'n Diere-identifikasiemerk kan van een vee-eienaar aan 'n ander oorgedra word. Om dit te doen, moet die nuwe eienaar aansoek doen om die oordrag van die betrokke diere-identifikasiemerk by die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye.

In die geval van die dood van die wettige eienaar kan die identifikasiemerk oorgedra word as die eksekuteur van die boedel toestemming gee vir die oordrag. As daar nie 'n eksekuteur is nie, kan die nuwe eienaar 'n kopie van die doodsertifikaat en 'n magtigingsbrief uitgereik deur die hooggeregshof verskaf wat verklaar dat die nuwe eienaar wel die wettige eienaar van die diere is.

Volg dan dieselfde prosedure soos vir die registrasie van 'n diere-identifikasiemerk.

Klik op hierdie QR-kode om die aansoekvorm vir die oordrag van registrasie van 'n identifikasiemerk af te laai.

**Pligte van eienaars** (artikel 7)

- Alle eienaars van beeste, skape, bokke en varke moet 'n identifikasiemerk by die registrateur van diere-identifikasie registreer.
- Elke eienaar moet sy/haar diere op die voorgeskrewe metode merk.
- Alle beeste, skape, bokke en varke waarvan die identifikasiemerk onduidelik of onsigbaar geword het, moet ooreenkomstig wetlike voorskrifte weer geïdentifiseer word.
- Enige eienaar van 'n dier met 'n identifikasiemerk wat die dier binne 14 dae nadat hy of sy die eienaar geword het, wil verkoop, ruil of weggee, moet die nuwe eienaar van 'n identifikasiedokument voorsien.

Dit beteken dat die dier binne 14 dae weggemaak kan word sonder dat dit met die nuwe eienaar se merk gemerk is, omdat dit reeds die vorige eienaar se merk op het en 'n identifikasiedokument uitgereik is.

'n Eienaar wat 'n dier na 14 dae nadat hy die eienaar van so 'n dier geword het, wil verkoop, ruil of weggee, moet sy eie merk op die dier aanbring voordat hy daarvan ontslae raak. Die eienaar moet ook die nuwe eienaar van 'n identifikasiedokument voorsien. Die nuwe eienaar moet die identifikasiedokument vir 'n periode van een jaar hou.

Dit beteken dat daar nie na 14 dae van só 'n dier ontslae geraak kan word sonder dat die nuwe eienaar se identifikasiemerk op die dier aangebring is en 'n identifikasiedokument uitgereik is nie.

# 1.2 WETLIKE IMPLIKASIES

**Die merk van geregistreerde (stoet-)diere** [artikel 15(2)]

Paragrawe (a), (c) en (e) van subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van –

(a) die merk van diere in ooreenstemming met die reël of bywette van 'n dieretelersgenootskap of registrerende owerheid soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Diereverbetering, 1998 (Wet 62 van 1998), of

(b) die merk deur die teler van 'n dier wat geregistreer of aangeteken is, na gelang van die geval, by die Suid-Afrikaanse Stamboek-en-Veeverbeteringsvereniging.

- Geregistreerde diere word met merke gemerk wat deur die betrokke telersgenootskap toegeken is.
- Die telersgenootskap sal die merkmetode voorskryf (brandmerk of tatoeëring).
- Registrasiesertifikate wat deur die telersgenootskap uitgereik is, moet geregistreerde diere vergesel wat op openbare veilings verkoop word.

**Alternatiewe identifikasiemetodes** [artikel 8(5)]

'n Eienaar kan op die voorgeskrewe wyse aansoek doen om 'n alternatiewe identifikasiemetode. Die registrateur kan alternatiewe identifikasiemetodes by kennisgewing in die Staatskoerant publiseer.

Dit is nou moontlik om by die registrateur aansoek te doen vir alternatiewe metodes om diere te identifiseer. Vee-eienaars moet

egter kennis neem dat dit nie van toepassing sal wees op individuele eienaars nie. Slegs aansoeke vir die merk van sekere groepe diere of spesies sal oorweeg word.

Indien so 'n versoek toegestaan word, sal dit onderhewig wees aan streng vereistes om die werk van die inspekteur en die SAPD te vergemaklik. Voorwaardes wat in so 'n geval in werking tree, sal insluit die aanbring van 'n enkele merk (brand- of tatoeëermerk) wat aandui dat die diere met mikroskyfies gemerk is.

Dit sal ook 'n vereiste wees dat almal wat die metode gebruik ten alle tye 'n skandeerder/leser besit.

## **Onwettige merk van diere** (artikel 15)

Geen persoon mag 'n dier merk met 'n:

- merk wat nie geregistreer is nie
- geregistreerde identifikasiemerk sonder die magtiging van die eienaar van die merk nie
- geregistreerde identifikasiemerk anders as voorgeskryf nie
- merk wat geregistreer is in die naam van 'n ander persoon wat nie die dier se eienaar is nie
- merk wat nie 'n voorgeskrewe merk is vir die groep waaraan die diere behoort nie.

## **Oortredings** (artikel 16)

Enige persoon wat een of meer van die volgende doen, begaan 'n oortreding:

- 'n merkoperateur wat nie 'n register hou nie
- enigeen wat enige diere in sy/haar besit het wat nie in ooreenstemming met die toelaatbare voorsienings van die wet gemerk is nie of anders gemerk is
- enigeen wat die identifikasiemerk op 'n dier verander, beskadig of uitwis
- enigeen wat 'n dier verkoop waarvan die identifikasiemerk verander, beskadig of gekanselleer is
- enigeen wat 'n dier verkoop waarvan die oor sonder enige wettige rede afgesny is.

Die vonnis vir hierdie oortredings is 'n boete of gevangenisstraf vir 'n periode van hoogstens ses maande, of beide die boete en gevangenisstraf.

## **Merkoperateurs** (artikel 11)

Enige persoon wat diere, behalwe sy of haar eie diere, vir finansiële gewin wil merk, moet op die voorgeskrewe wyse by die registrateur om registrasie as 'n merkoperateur aansoek doen en die voorgeskrewe geld betaal.

Indien die applikant aan die voorgeskrewe vereistes voldoen, moet die registrateur hom of haar as 'n merkoperateur registreer.

'n Merkoperateur moet 'n register van diere wat deur hom of haar gemerk is op die voorgeskrewe wyse byhou.

Die registrateur moet 'n register van merkoperateurs op die voorgeskrewe wyse byhou.



### Hoe om te registreer:

- voltooi 'n merkoperateurskursus
- 'n aansoekvorm wat van die kursusaanbieder verkrygbaar is, moet ingevul word.
- 'n aansoekfooi is betaalbaar
- betaling kan by wyse van 'n tjek of posorder geskied
- adresseer die koevert aan:

Die Registrateur: Diere-identifikasie
Privaatsak X138
Pretoria
0001

### Merkoperateurskursusse

Die registrateur sal die aansoeker inlig waar om die voorgeskrewe kursus by te woon. Die kursus sal die volgende insluit:

- die teorie en tegniek van warmbrandmerking
- die teorie en tegniek van vriesbrandmerking
- die teorie en tegniek van tatoeëring
- die teorie en tegniek van beteueling en merk van diere
- die wetgewing rakende die welstand van diere.

### Register van merkoperateursrekords

Die volgende inligting moet in die merkoperateur se register verskyn:

- naam en adres van eienaar wie se diere gemerk is
- datum waarop die diere gemerk is
- tipe of spesifieke ras gemerk
- getal diere gemerk
- identifikasiemetode
- datum waarop die eienaar se identifikasiemerk geregistreer is
- die eienaar se geregistreerde identifikasiemerk.

## 1.3 REGULASIES (ARTIKEL 18)

Die minister kan regulasies uitvaardig betreffende –

(a) die grootte, vorm, patroon en samestelling van identifikasiemerke
(b) die grootte, vorm en vervaardiging van merkinstrumente
(c) die ouderdom wat diere moet bereik het voordat hulle gemerk moet word
(d) die wyse waarop, die dele waarop en die materiaal waarmee diere gemerk moet word of nie gemerk mag word nie
(e) die voorwaardes waarop 'n eienaar van diere die registrasie van meer as een identifikasiemerk ten opsigte van dieselfde groep diere kan verkry, en
(f) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie wet voorgeskryf kan of moet word.

Die minister kan verskillende regulasies ten opsigte van verskillende soorte identifikasiemerke, verskillende groepe diere en verskillende gebiede uitvaardig.

Klik op hierdie QR-kode vir die volledige regulasies in terme van artikel 18.


**Lettergroottes** [artikel 18(9)]

- Tatoeëermerk moet nie groter as 20 mm op die breedste en hoogste deel wees nie.
- Brandmerk moet tussen 40 en 100 mm by die breedste en hoogste punt wees.



**Vorm, patroon en komposisie** [artikel 18(10)]

- 'n Identifikasiemerk kan bestaan uit een tot drie letters of simbole (karakters).
- 'n Drielettermerk kan op vier verskillende maniere gebruik word.
- 'n Tweelettermerk kan op twee verskillende maniere gebruik word.
- Die letters mag nie aan mekaar raak nie.
- Dieselfde merk kan op beeste en kleinvee gebruik word.




Sien voorbeeld van letters en simbole op bl 22.

## Ouderdom van diere tydens merk [artikel 18(11)]

**Beeste:**

- moet gemerk word teen die ouderdom van ses maande
- kan getatoeëer word teen die ouderdom van een maand, of
- kan gebrandmerk word teen die ouderdom van ses maande, en
- moet gebrandmerk wees teen die ouderdom wat die eerste paar permanente snytande verskyn (tweetandstadium).

**Kleinvee:**

- moet getatoeëer word teen die ouderdom van een maand.

**Varke:**

- moet getatoeëer word teen die ouderdom van een maand.

**Volstruise:**

- kan getatoeëer word teen die ouderdom van een maand, en
- kan gebrandmerk word teen die ouderdom van ses maande.


**Perde:**

- kan getatoeëer word teen die ouderdom van ses maande, en
- kan gebrandmerk word teen die ouderdom van 12 maande.

## Dele waarop diere geïdentifiseer moet word [artikel 18 (12)]


**Beeste**

- Tatoeëring: in die linker- of regteroor.
- Brandmerk: op enige duidelik sigbare deel, die nek uitgesluit.
- Verwys na onderstaande figuur. Plaas die brandmerk op enige plek buite die vierkant.
- Die eerste eienaar kan die merk op die linkeragterbeen aanbring, die tweede eienaar kan dit op die linkerskouer plaas, die derde eienaar kan dit op die regteragterbeen plaas en die vierde eienaar op die regterskouer.
- Onthou: jy kan finansieel skade ly as jy waardevolle gedeeltes van huide merk.




**Skape, bokke en varke**

- Die eerste eienaar kan die tatoeëermerk in die linkeroor aanbring, die tweede eienaar in die regteroor (verwys na figuur langsaan).
- Die letters van die tatoeëermerk mag nie groter as 20 mm wees nie (hoog of breed).
- Die merk kan een, twee of drie karakters hê.
- Plaas die letters langs mekaar.



**Volstruise**

- Tatoeëer volstruise jonger as ses maande onder die linkervlerk.
- Brandmerk volstruise ouer as ses maande op die dye.
- Die eerste eienaar kan die brandmerk aan die buitekant van die linkerdy aanbring en die tweede eienaar aan die buitekant van die regterdy.
- Volstruise word gebrandmerk volgens hulle ouderdom. Geen volstruise jonger as ses maande mag met 'n warm yster gebrandmerk word nie. Volstruise jonger as ses maande mag getatoeëer word.
- Die letters van 'n brand- of tatoeëermerk mag nie groter as 25 mm wees nie (breedte of hoogte).
- Die brand- of tatoeëermerk mag net twee letters hê en letters moet 6 mm van mekaar geplaas word.
- Brandmerkletters kan langs of onder mekaar geplaas word.
- Tatoeëermerke kan langs mekaar geplaas word.



# 1.4 MERKGIDS VIR WARMBRAND, VRIESBRAND EN TATOEËRING

## Merk met 'n warm yster

1. Gebruik 'n aparte yster vir elke letter van die merk. Dit is makliker, maar nie verpligtend nie.
2. Kry alles gereed voordat jy begin merk. Maak seker dat die volgorde van die geregistreerde merk reg is volgens die registrasiesertifikaat. Dit kan eers op 'n stukkie hout getoets word.
3. Kry iemand om te help. Die helper moet die dier nader bring en styf vashou. Dit sal makliker wees as daar meer as een helper is.
4. Maak die yster goed warm. Wanneer die yster wit word, is dit 'n teken dat dit warm genoeg is. Jy kan die yster op 'n stukkie hout toets om te sien of dit warm genoeg is.
5. Maak die diere onbeweeglik met 'n immobiliseerder of kniehalter hulle sodat hulle nie skop nie. Die immobilisasie van die willekeurige spiere weerhou die dier om te beweeg.





6. Neem die eerste yster en hou dit vir drie tellings lank teen die dier se vel. Moet nie druk nie. Tel stadig 1, 2, 3. Verwyder die yster. Neem die tweede yster en doen ook dieselfde met die derde. Die merk is nou voltooi. Maak elke yster na gebruik skoon met 'n staalborsel om van die gebrande vel en hare ontslae te raak.
7. Gebruik die ysapparaat om die wond te verkoel of spuit koue water op die dier se vel om dit af te koel.
8. Jy kan ook wondolie op die wond giet. Moet dit nie met 'n lap afvee nie, en moet nooit mis aan die wond smeer nie.

## Merk met 'n vriesbrandyster

Toerusting benodig vir vriesbrand:

- verkoeler – droë ys in etiel-, metiel- of isopropielalkohol en vloeibare stikstof
- geïsoleerde houer vir die verkoelingsmiddel
- stel koper- of hoëgehalte-bronsallooibrandmerkysters
- stel knippers
- 95% etiel- of metielalkohol
- handskoene.


1. Kry alles gereed voordat jy begin brandmerk.
2. Kry iemand om te help. Die helper moet die dier nader bring en styf vashou. As jy 'n drukgang het, sal die brandmerkproses makliker verloop.
3. Maak die diere onbeweeglik met 'n immobiliseerder of kniehalter hulle sodat hulle nie skop nie.
4. Skeer die hare af van die deel wat gebrandmerk gaan word.
5. Vries die yster deur dit in vloeibare stikstof te plaas of in spiritus wat tot –40 °C afgekoel is deur middel van droë ys.
6. Wanneer daar nie meer borrels vorm nie, is die ysters koud genoeg om letters op die vel te brand. Skud die stikstof of spiritus af, anders sal die afvloei ook 'n merk op die vel laat.
7. Druk hard vir die volgende blootstellingstydperke:
   - diere van ses tot agt maande: 20 tot 25 sekondes
   - diere van nege tot 18 maande: 25 tot 30 sekondes
   - diere ouer as 18 maande: 30 tot 35 sekondes.



## Merk deur middel van tatoeëring


'n Derde identifiseringsmetode is die tatoeëring van diere met behulp van tatoeëertange en ink.

1. Kry alles gereed voordat jy begin tatoeëer.
2. Kry iemand om jou te help. Die helper moet die dier nader bring en styf vashou.
3. Plaas die karakters in die regte volgorde en posisie in die tatoeëertang – volgens die registrasiesertifikaat.
4. Maak die ore skoon voordat die ink aangewend word – vuiligheid en olie in die ore sal die ink verhoed om die tatoeëergaatjies te vul wat deur die tatoeëertang gemaak word. Druk die tatoeëertang totdat gaatjies op die vel verskyn.
5. Vryf die ink in die gaatjies. Die tatoeëerproses is nou afgehandel.



Bron: *Infopak: Identifikasie van diere in terme van die Wet op die Identifkasie van Diere (Wet 6 van 2002)*, Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, September 2010.

## 1.5 LETTERS EN SIMBOLE



*Hou 'n volledige rekord van alle identifikasiedokumente en verwydering-sertifikate*

HOOFSTUK 2

# BEMARKING VAN DIERE

02

Die bemarking van diere is 'n boerderyproses wat met bepaalde besluite gepaard gaan. Faktore soos die diere se ouderdom, gewig, geslag, vrugbaarheid en nog baie ander speel 'n rol. Die hoofrede is ekonomies: die diere word vir finansiële gewin verkoop. Die finansiële sy van bemarking sluit die gebruik van die kwitansieboek, tjekboek, elektroniese finansiële oorplasings, die BTW-faktuur en verwante aspekte in. Daarmee is die meeste vee-eienaars pligsgetrou, maar hulle besef nie dat hulle moontlik ander wetgewing oortree wat nie verband hou met die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID) nie.

Wetgewing wat die bemarking van vee reguleer, beskerm die eienaar en alle rolspelers in die rooivleiswaardeketting aan wie die vee gelewer word. Hiervoor is die Wet op Veediefstal (Wet 57 van 1959) en die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002) gepromulgeer. Albei is steeds van krag. Die wette hanteer twee spesifieke aspekte van die bemarking van vee, naamlik die koop en verkoop asook die vervoer van vee, wat in hierdie hoofstuk kortliks bespreek word.

Enigeen wat met vee handel dryf, het die plig om op hoogte te wees van alle wetgewing daaroor. Die inhoud van hierdie hoofstuk behandel net die hooftrekke van die wetgewing en moet nie as omvattend beskou word nie.

## 2.1 VERKOOP EN HERVERKOOP VAN VEE

**Identifikasie van diere**

(artikel 6)

Die bepalings van artikel 6 van die Wet op Veediefstal en artikel 7(2) van die Wet op die Identifikasie van Diere (verwys na hoofstuk 1, bl 15) geld hier. Die bepalings van die twee artikels moet saamgelees word en vul mekaar aan by enige koop- en verkooptransaksie.

Wet op Veediefstal [artikel 6(1)]

> Enige persoon (met inbegrip van 'n afslaer, agent of markmeester) wat vee aan iemand anders verkoop, verruil, gee of op 'n ander wyse van die hand sit, moet ten tyde van die aflewering aan daardie ander persoon van die vee aldus verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit, aan daardie ander persoon 'n dokument (hieronder 'n dokument van identifikasie genoem) verstrek.



- Artikel 6 reguleer die identifikasiedokument wat deur die verkoper van vee verstrek moet word.
- Die meeste transaksies vind plaas by lewendehawe-veilings, maar dit is ook van toepassing waar vee uit die hand verkoop word.
- Die wet sonder niemand uit nie. Almal is ingesluit – afslaers, agente, voerkraalpersoneel en die markmeester.

## Vereistes waaraan identifikasiedokument moet voldoen

[artikel 6(1)(a)]

’n Identifikasiedokument moet die volgende inligting bevat:

- Volle naam en adres van die eienaar van die vee.
- Indien die vee namens iemand anders verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit word, moet die naam en adres van daardie ander persoon verskaf word.
- Volle naam en adres van die persoon aan wie die vee verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit word.
- Datum waarop die vee verkoop, verruil, gegee of van die hand gesit is.
- Daar moet gesertifiseer word dat bedoelde vee die betrokke persoon se eiendom is of dat hy of sy behoorlik deur die eienaar van die vee gemagtig is om daaroor te beskik.
- Die verkoper mag nie net mondeling aanvoer dat daar oor magtiging beskik word om die vee te verhandel nie. Magtiging moet eksplisiet en op skrif en in die persoon se besit wees.
- Die datum van die magtiging moet resent wees. ’n Magtiging wat verouderd is, mag nie aangebied word nie.

Ingevolge die Wet op Veediefstal moet so ’n identifikasiedokument die volgende besonderhede van die vee bevat:

- die ras of tipe vee
- die aantal verkoop
- die brandmerk, tatoeëermerk of enige ander identifikasiemerk
- die geslag, getal en kleur van die vee indien die vee nie op die voorgeskrewe wyse gemerk is nie, of die merk nie geregistreer is kragtens enige wetgewing nie.

Die vergunning ten opsigte van ongemerkte vee is slegs van toepassing as die betrokke vee ingevolge die Wet op die Identifikasie van Diere nie gemerk hoef te wees nie.

Klik op hierdie QR-kode vir die volledige Wet op Veediefstal (Wet 57 van 1959).

## **Verpligting op persoon wat vee ontvang** [artikel 6(2)]

Die persoon wat die vee verkry, mag nie die vee ontvang sonder om die identifikasiedokument ten tyde van die aflewering te verkry nie. Indien iemand die vee ontvang sonder die dokument, is so 'n persoon aan 'n misdryf skuldig.

## Bewaring van identifikasie-dokument

Die persoon aan wie 'n identifikasiedokument uitgereik is, moet daardie dokument vir 'n tydperk van minstens een jaar behou. Indien iemand dit binne die tydperk van een jaar wil sien, moet die besitter van die identifikasie-dokument dit ter insae beskikbaar stel of voorlê aan die persoon wat dit eis.

## **Wie het almal 'n verpligting?**
Wet op Veediefstal (artikel 6)

> Iemand wat aan 'n afslaer, agent of markmeester vee lewer om te verkoop of op 'n ander wyse van die hand gesit te word, word, by die toepassing van hierdie artikel, geag daardie vee aan bedoelde afslaer, agent of markmeester van die hand te gesit het.

Iemand wat vee aan 'n afslaer lewer om dit te verkoop of andersins van die hand te sit, moet 'n identifikasiedokument aan sodanige afslaer, agent of markmeester verskaf. In wese beteken dit dat die eienaarskap indirek oorgaan na die afslaer, agent of markmeester; as sodanig is die afslaer, agent of markmeester dan daarvoor verantwoordelik om 'n identifikasiedokument aan die nuwe eienaar uit te reik.

## Oortredings ingevolge artikel 6

Enige persoon wat 'n bepaling van die wet oortree, versuim om die dokument op versoek beskikbaar te stel of opsetlik valse inligting in die identifikasiedokument verstrek, is aan 'n misdryf skuldig.

Om die belangrikheid van die toepassing van artikel 6 te demonstreer, word die volgende bevindinge aangehaal uit die saak Crots v Pretorius (A61/2008) [2008] ZAFSHC 146 (29 November 2008):

"Alhoewel respondent 'n ervare veespekulant is, het hy geen voorskrif van die Wet op Veediefstal, no 57 van 1959 met betrekking tot voorgeskrewe dokumente vir 'n veetransaksie, nagekom nie:

"Hy het aflewering van die vee wat hy aangekoop het, aanvaar sonder dat hy in besit geplaas is van 'n identifikasiedokument wat deur die eienaar van die vee uitgereik is en waarin die identiteit van die eienaar, die vee, die koper en besonderhede van die veetransaksie vermeld word; en het dus die bepalings van artikel 6(2) gelees met artikel 6(1) van die Veediefstalwet oortree;

"Hy het die vee aan Country Meat Slagpale verkoop, gelewer en laat slag sonder om ten tyde van die aflewering van die vee 'n identifikasiedokument te verstrek en het dus die bepalings van artikel 6(1) van die Veediefstalwet oortree".



### Herverkoop van vee

Wet op die Identifikasie van Diere [artikel 7(2)]

> Niemand mag –
> (a) binne 14 dae na die datum waarop hy of sy die eienaar word van 'n dier met 'n identifikasiemerk, daardie dier verkoop, ruil, weggee of op enige ander wyse daaroor beskik aan 'n ander persoon nie, tensy hy of sy aan die persoon wat daardie dier verkry 'n identifikasiedokument verskaf; of
> (b) na 14 dae vanaf die datum waarop hy of sy die eienaar van 'n dier word, daardie dier verkoop, ruil, weggee of op enige ander wyse daaroor beskik nie, tensy –
> (i) sodanige dier op die voorgeskrewe wyse gemerk is met die identifikasiemerk van die eienaar wat daardie dier van die hand sit; en
> (ii) hy of sy aan die persoon wat daardie dier verkry 'n identifikasiedokument verskaf.


- Enige eienaar van 'n dier met 'n identifikasiemerk wat die dier binne 14 dae nadat die persoon die eienaar geword het, wil verkoop, ruil of weggee, moet die nuwe eienaar van 'n identifikasiedokument voorsien.
- Dit beteken dat die dier binne 14 dae weggemaak kan word sonder dat dit met die nuwe eienaar se merk gemerk is, omdat dit reeds die vorige eienaar se merk op het en 'n identifikasiedokument uitgereik is.
- Iemand wat 'n dier ná 14 dae nadat dié persoon die eienaar van so 'n dier geword het, wil verkoop, ruil of weggee, moet hulle eie merk op die dier aanbring voordat hulle daarvan ontslae raak.
- Die eienaar moet ook die nuwe eienaar van 'n identifikasiedokument voorsien, wat die nuwe eienaar vir 'n periode van een jaar moet hou.
- Daar kan nie ná 14 dae van só 'n dier ontslae geraak word sonder dat die nuwe eienaar se identifikasiemerk op die dier aangebring is en 'n identifikasiedokument uitgereik is nie.

## 2.2 VAN WIE MAG VEE AANGEKOOP WORD?

Wet op Veediefstal (artikel 7)

> Verkryging van vee of produkte van persone wie se woonplekke onbekend is.
> Iemand wat op enige wyse (behalwe by 'n openbare verkoping) vee of produkte verkry of in sy besit ontvang, of 'n afslaer, agent of markmeester wat vee of produkte vir verkoop in sy besit ontvang, van enige persoon wat nie 'n bekende woonplek het nie, sonder om ten tyde van die lewering aan hom van daardie vee of produkte 'n sertifikaat, binne 30 dae voor die lewering uitgereik, te verkry.

- Hierdie artikel van die Wet op Veediefstal maak dit duidelik dat indien vee op enige manier verhandel word, die aankoper moet verseker dat die woonadres van die verkoper bekend is.
- Die bepaling is nie van toepassing indien vee by 'n openbare veiling aangekoop is nie. Die rede vir hierdie bepaling is dat die afslaer of agent reeds moes verseker het dat bewys van die persoon se woonadres verskaf is.
- Die wet verduidelik al die vereistes waaraan hierdie bewys van adres moet voldoen, ook in die geval van persone wat in kommunale gebiede woonagtig is.



## 2.3 VERWYDERINGSERTIFIKAAT

Artikel 8 reguleer die dryf, vervoer of transportering van vee of produkte op of langs openbare paaie.

> Niemand mag vee of produkte waarvan hy nie die eienaar is nie, op of langs 'n publieke pad dryf, vervoer of transporteer nie tensy hy in besit is van 'n sertifikaat (hieronder 'n verwyderingsertifikaat genoem) wat deur die eienaar van daardie vee of produkte of die behoorlik gemagtigde agent van die eienaar aan hom uitgereik is.

Niemand mag enige vee of produkte wat nie aan hulle behoort, op of langs enige openbare pad aanjaag, aanry of vervoer sonder 'n verwyderingsertifikaat wat aan hulle uitgereik is deur die eienaar van die vee of produkte of die behoorlik gemagtigde agent van die eienaar nie.

### Eienaar van vee

Eienaar beteken ook iemand wat vee of produkte verkry het uit 'n koopooreenkoms, maar wat nie die eienaar van daardie vee of produkte word bloot omdat dit aan hulle gelewer is nie.

### Vereistes waaraan verwyderingsertifikaat moet voldoen

[artikel 8(1)(c)]

Die verwyderingsertifikaat moet die volgende inligting bevat:

- naam en adres van persoon wat die sertifikaat uitgereik het
- naam en adres van eienaar van die vee of produkte
- plek waarvandaan en plek waarheen daardie vee of produkte gedryf, vervoer of getransporteer word
- naam van drywer, vervoerder of transporteerder
- datum van uitreiking van sertifikaat en indien van toepassing, die registrasienommer, model en fabrikaat van die voertuig waarmee die vee of produkte vervoer of getransporteer word.


Ingevolge die Wet op Veediefstal moet so 'n verwyderingsertifikaat in die praktyk die volgende besonderhede van die vee bevat:


- die ras of tipe vee
- die aantal van die hand gesit en die brandmerk, tatoeëermerk of enige ander identifikasiemerk
- die geslag, aantal en kleur van die vee indien dit nie op die voorgeskrewe wyse gemerk is nie of die merk nie geregistreer is kragtens enige wetgewing nie.

Voorbeeld van verwyderingsertifikaat op bl 30.

### Uitsonderings

Die bepalings is nie van toepassing op vee of produkte wat met die toestemming van die eienaar daarvan of 'n behoorlik gemagtigde agent aangejaag of vervoer word op of langs 'n deel van 'n openbare pad wat gaan oor grond wat aan die eienaar of agent behoort of wat deur dié persoon geokkupeer word nie.





’n Eienaar van vee of produkte mag nie ’n ander persoon toelaat om vee of produkte op of langs ’n openbare pad te laat aanjaag of vervoer sonder om aan dié persoon ’n verwyderingsertifikaat te verskaf nie.

## Bewaring en beskikbaarstelling van verwyderingsertifikaat

Die persoon aan wie so ’n verwyderingsertifikaat uitgereik is, moet daardie dokument vir ’n tydperk van minstens een jaar in besit hou. Die besitter van so ’n dokument moet dit binne die eenjaartydperk op versoek ter insae beskikbaar stel of voorlê aan die persoon wat dit eis.

## Oortredings ingevolge artikel 8

Iemand wat vee sonder ’n verwyderingsertifikaat dryf of vervoer, asook die eienaar wat dit toelaat, pleeg ’n misdryf.

Enige persoon wat ’n bepaling van die wet oortree, versuim om die verwyderingsertifikaat op versoek beskikbaar te stel, opsetlik vals inligting in die verwyderingsertifikaat verstrek of valslik verklaar dat hulle die eienaar is van vee of produkte wat hulle op of langs ’n publieke pad dryf, vervoer of transporteer, is aan ’n misdryf skuldig.

### SAMEVATTING

Die bepalings van artikels 6 en 8 van die Wet op Veediefstal het ’n bepaalde doelwit in die rooivleisbedryf, naamlik om veediefstal te verminder en tot die minimum te beperk. Die wet is egter nie beperk tot hierdie twee artikels nie en produsente word aangeraai om dit in geheel te bestudeer, insluitend die artikels wat handel oor aspekte soos betreding.

# Verwyderingsertifikaat (voorbeeld)

**Volg No** [ ]

**VEEVERWYDERINGSERTIFIKAAT**
**Artikel 8 van die Wet op Veediefstal, no 57 van 1959**

A Volle naam en adres van eienaar________________________________________________
_______________________________________________________________________

B Indien van toepassing: Volle naam en adres van behoorlik gemagtigde van die eienaar
_______________________________________________________________________

C Volle naam en adres van drywer, vervoerder of transporteerder__________________________
_______________________________________________________________________

D Indien van toepassing: Die registrasienommer, model en fabrikaat van die voertuig waarmee die vee of produkte vervoer of getransporteer word________________________________
_______________________________________________________________________

E Die vee of produkte word vervoer, gedryf of getransporteer vanaf (volle adres)______________
_______________________________________________________________________

na (volle adres)______________________________________________________________

Besonderhede van vee:

| Kolom 1 | Kolom 2 | Kolom 3 | Kolom 4 | |
|---|---|---|---|---|
| Ras of soort | Getal | Brand-, tatoeëer- of ander identifikasiemerk (as daar is) | Indien die vee nie soos vermeld in kolom 3 gemerk is nie of indien sodanige merke nie ingevolge enige wet geregistreer is nie | |
| | | | Geslag en getal van elke geslag | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |
| | | | | |

(Let wel: kolom 4 is slegs van toepassing as die betrokke vee nie gemerk hoef te wees ingevolge die bepalings van die Wet op die Identifikasie van Diere, no 6 van 2002 nie.)

Ek sertifiseer dat die vee die eiendom van A hierbo genoem is.

Datum van uitreiking van hierdie sertifikaat____________________

Datum van aflewering by adres gemeld in paragraaf E____________________

____________________________________________

Handtekening van persoon wat sertifikaat uitreik, m.a.w. A of B

[____________________________] Voorletters en van

Geen persoon mag bovermelde vee of produkte waarvan hulle nie die eienaar is nie, op of langs 'n publieke/openbare pad dryf (aanjaag), vervoer of transporteer sonder hierdie sertifikaat nie.

Hierdie dokument moet vir 'n tydperk van een jaar in besit gehou word deur die persoon wat vee vervoer of aanjaag, soos vermeld in paragraaf C (Art. 8(6) van Wet 57 van 1959).

*Rapporteer alle veediefstalsake onmiddellik by die SAPD*

HOOFSTUK 3

# WANNEER VEEDIEFSTAL PLAASVIND

# 03

Wanneer vee-eienaars slagoffers van veediefstal word, kan hulle 'n aktiewe rol in die voorkoming van verdere diefstalle speel deur die plaaslike SAPD en die Veediefstaleenheid gedurende die ondersoek te ondersteun. Baie veediefstalsake word nie bevredigend opgelos nie weens onvoldoende getuienis en bewyse of onvolledige verklarings. Dit gebeur ook dikwels dat gesteelde vee nie positief uitgeken kan word nie en die betrokke eienaar nie eienaarskap kan bewys nie.

## 3.1 BEWARING VAN TONEEL EN BEWYSE

Die toneel van die misdaad is ’n waardevolle bron van bewyse en vee-eienaars moet weet hoe om die misdaadtoneel en bewyse te hanteer.

Bewysstukke kan die volgende insluit:

- karkasse
- voertuie
- vuurwapens
- bronne van DNS soos bloed, bloedvlekke, hare, vleis of ander weefsel
- vingerafdrukke
- voetspore
- inbraaktoerusting
- klere

Die Veediefstaleenheid stel die volgende voor wanneer ’n boer besef dat hy of sy die slagoffer van veediefstal was:

- Beveilig die misdaadtoneel onmiddellik.
- Moet niks skuif of van die toneel verwyder nie.
- Moenie probeer om die misdaad self te ondersoek nie – belangrike bewyse kan só vernietig word.
- Wanneer vee uit ’n kraal gesteel is, kan die oorblywende vee in die kraal bly totdat die beamptes van die Veediefstaleenheid opdaag en met hul ondersoek begin. Belangrike leidrade soos spore en merke word vernietig sodra die diere die kraal verlaat.
- Spore wat op die misdaadtoneel gevind word, moet beskerm word teen reën, wind, diere en mense, byvoorbeeld deur hulle met ’n oopgesnyde drom of kartondoos te bedek.
- Vee-eienaars moet nie die spore volg nie, en werknemers moet ook nie gestuur word om spore te soek en te volg nie. Laat dit eerder oor aan die polisie en hul honde.




- Geknipte heinings moet nie herstel word voordat draadmonsters geneem is nie.
- Kettings en slotte wat gesny is, moet ook as bewysstukke bewaar word.
- Geslagte karkasse moet nie verwyder word voordat vleismonsters geneem en foto's van die toneel geneem is nie.
- Indien materiaal op die toneel gevind word wat moontlik aan die dief behoort, moet dit nie aangeraak of verwyder word nie.
- Onbekende voorwerpe, byvoorbeeld gebreekte ligte of relings van voertuie wat op die misdaadtoneel gevind word, moet nie aangeraak of verskuif word voordat dit aan die ondersoekbeampte getoon is nie. Die forensiese laboratorium van die SAPD kan sulke items vergelyk met getuienis wat op ander misdaadtonele of in besit van misdadigers gevind word.
- Indien 'n verdagte op heterdaad betrap word en opmerkings aan die eienaar van die gesteelde diere maak wat 'n bekentenis kan wees, noem dit aan die ondersoekbeampte. Wees versigtig om nie artikel 35 van die Grondwet (Wet 108 van 1996) en/of artikel 39 van die Strafproseswet (Wet 51 van 1977), wat handel oor arrestasie, te oortree nie.
- Moenie die verdagte aanrand nie. Enige onregmatige aanranding stel jou bloot aan moontlike kriminele vervolging.

Die ondersoekbeampte sal faktore soos hitte, koue, reën, wind en mense wat die toneel vertrap, in ag neem. As 'n laaste uitweg om 'n bewysstuk te bewaar, kan die polisie bewysstukke na 'n veiliger plek verskuif. Die oorspronklike plek waar dit gevind is, moet dan duidelik aangeteken word.

Soveel moontlik bewysstukke sal deur die polisie ingesamel en verwerk word. Monsters en bewysstukke sal in forensiese sakkies by die polisiestasie ingeteken word vir gebruik tydens die ondersoek.

## 3.2 AANMELDING VAN VEEDIEFSTAL

Die tyd wat verloop tussen die ontdekking en aanmelding van veediefstal moet so kort moontlik wees. Dit sal die bevredigende oplossing van 'n veediefstalsaak vergemaklik.

Vee-eienaars moet alle veediefstalinsidente op hul eiendom onverwyld by die plaaslike polisiekantoor aanmeld. Die plaaslike polisiekantoor sal 'n dossier open, dit registreer op die misdaadadministrasiestelsel (MAS) en 'n MAS-nommer aan die saak toeken. Die MAS-nommer word dan as teksboodskap aan die klaer gestuur. Hierdie nommer moet in alle toekomstige verwysings en navrae gebruik word. Die plaaslike polisiekan-

toor moet sodra die klagte op die MAS geregistreer is, die bystandveediefstalspeurder telefonies van die klagte in kennis stel en ook die kontakbesonderhede van die klaer deurgee.

By aankoms op die misdaadtoneel moet die ondersoekbeampte heel eerste die toneel beveilig. Die toneel moet beoordeel word en alle moontlike bewysstukke soos voetspore, vingerafdrukke en bloedmonsters moet bewaar word. Die polisiebeampte neem 'n verklaring by die klaer af (sien 3.4).

Die ondersoekbeampte sal 'n gedetailleerde beskrywing van die gesteelde vee sowel as die toepaslike identifikasiemerke kragtens die Wet op die Identifikasie van Diere, versoek. Die vee-eienaar moet dus seker maak dat alle diere gemerk en rekords op datum is. Vee-eienaars kan dikwels nie 'n volledige beskrywing van vermiste vee gee nie, en in sulke gevalle is dit moeilik vir die SAPD om beskrywings van gesteelde vee te sirkuleer.

Neem deeglik kennis van alle detail op die misdaadtoneel en dra dit oor aan die ondersoekbeampte. Moet nie huiwer om alle inligting en waarnemings aan die polisie te verskaf nie.

Die noodsaaklikheid van 'n omvattende veeregister kan nie genoeg beklemtoon word nie. Hou 'n veeregister op datum en bevestig die getalle gereeld. Dit is ook van toepassing op werknemers se diere. 'n Volledige veeregister dien as 'n bewys aan die landdros dat die vee-eienaar beheer het oor die vee en bewus is van wat op die plaas gebeur.


## 3.3 GEBRUIK VAN DNS-TEGNOLOGIE

Die SAPD en die Dieregenetikalaboratorium van die Landbounavorsingsraad (LNR) se Diereproduksie-instituut in Irene het reeds in 1996 'n vennootskap gesluit om die uitdaging van veediefstal met behulp van DNS-tegnologie te beveg. Volgens die SAPD is verskeie hofsake suksesvol afgehandel deur DNS te gebruik. In hierdie hofsake, wat meer as 3 000 bewysstukke ingesluit het, is resultate van DNS-ontleding as bewyse gebruik. Ongeveer 95% van hierdie gevalle is opgelos en die verdagtes vervolg.

DNS-tegnologie kan as 'n belangrike forensiese instrument gebruik word om veediefstal te bekamp en word 'n steeds belangriker komponent van die kriminele regstelsel. DNS-gebaseerde tegnologie word algemeen gebruik vir die bepaling van identiteit, eienaarskap, ouerskap, naspeurbaarheid en die spesie-oorsprong van dierereprodukte soos weefsel, bloed en vel.

Afgesien van 'n identiese tweeling of klone, is geen twee diere geneties dieselfde nie. Dit beteken dat die DNS van 'n dier 'n vingerafdruk of unieke identifikasie is. Slegs klein hoeveelhede DNS is nodig om die vingerafdruk van 'n dier te bevestig. Maar hoe help DNS-tegnologie om veediefstal te bekamp?

Haarmonsters ('n bron van DNS) word van individuele diere versamel en in die laboratorium gestoor as 'n verwysingsmonster. As 'n dier op 'n misdaadtoneel beseer of





geslag is, of 'n stuk vleis van 'n gesteelde dier in besit van 'n verdagte gevind word, word 'n weefselmonster geneem en in die laboratorium met die verwysingsmonsters vergelyk. Indien die DNS-vingerafdruk van die verwysingsmonster ooreenstem met 'n monster van die misdaadtoneel, kan die verdagte aan die misdaadtoneel of die misdaad self verbind word en die bewyse kan gebruik word om die oortreder agter tralies te sit.

Selfs al is daar geen verwysingsmonster beskikbaar nie, is skuldigbevinding steeds moontlik deur DNS van bloed, bloedvlekke, vleis of ander weefsel wat op die misdaadtoneel gevind is, te vergelyk met bloed op die verdagte se klere, gereedskap wat hy gebruik het of vleis wat in sy besit gevind word.

Die sukses van die forensiese DNS-diens word bepaal deur die korrekte insameling van monsters by 'n misdaadtoneel, die verwerking en ontleding daarvan in die laboratorium en die rapportering van bevindings. Om te verseker dat hierdie proses wel korrek verloop, bied die LNR deurlopend opleiding aan SAPD-personeel. Die opleiding fokus op aspekte soos DNS-monsterversameling, bewaring, dokumentasie en versending van bewysstukke na die laboratorium.

## 3.4 KLAER SE VERKLARING

Die eerste polisiebeampte op die toneel moet 'n toneelverklaring opstel. Die klaer se verklaring moet dadelik geneem word, behalwe as die klaer beseer is en mediese behandeling moet kry. Die polisie kan steeds 'n dossier open, selfs as die klaer nie dadelik 'n verklaring kan aflê nie.

As persone in hegtenis geneem is, moet arrestasieverklarings geneem word en die ooggetuies se verklarings moet ook dadelik geneem word.

- Alle persone het die reg om hul verklaring in hul eie taal af te lê en om dit self te skryf.
- Polisiebeamptes weet egter watter belangrike inligting nodig is in die verklaring en die skryf daarvan word gewoonlik aan hulle oorgelaat.
- Die verklaring moet die volgende bevat: wat, waar, wanneer, hoekom en wie.
- As iemand voel dat die beampte se verklaring van 'n swak gehalte is, mag hulle weier om dit te teken en eerder vra dat 'n speurder of 'n beampte met 'n hoër rang die verklaring afneem.
- Persone wat verklarings afgelê het, moet alles lees wat neergeskryf is en saamstem met die inhoud van die verklaring voor dit geteken word.
- Probeer om nie meer as een verklaring af te lê nie. Indien die twee verklarings sou verskil, stel so 'n persoon hom bloot aan 'n klag van meineed.

## Voorbeeld van volledige verklaring ná 'n veediefstalinsident.

### VERKLARING/STATEMENT

**VOLLE VOORNAME/*FULL FIRST NAMES*:** ..............................................................
**VAN/*SURNAME*:** ..............................................................
**ID NO:** ..............................................................
**RAS/*RACE*:** ..............................................................
**GESLAG/*SEX*:** ..............................................................
**OUDERDOM/*AGE*:** ..............................................................
**BEROEP/*OCCUPATION*:** ..............................................................
**WOONADRES/*RESIDENTIAL ADDRESS*:** ..............................................................
..............................................................
**TEL NO:** ..............................................................
**WERKSADRES/*ADDRESS OF EMPLOYER*:** ..............................................................
**TEL NO:** ..............................................................

**VERKLAAR ONDER EED IN AFRIKAANS/*STATE UNDER OATH IN ENGLISH*:**

-1-

Ek boer op bovermelde plaas. My boerdery bestaan uit veeproduksie/gemengde boerdery ens. Ek beskik oor 'n geregistreerde veebrandmerk en heg 'n afskrif van my brandmerk aan. Ek het/het nie 'n veewagter wat daagliks na die beeste omsien. Op Saterdag 2014-06-04 ongeveer 10:00 het ek my beeste nagegaan in die veld waar hulle wei. Ek het onraad vermoed toe ek in die boonste kamp opmerk dat die draadheining tussen my grond en die aangrensende Steenbokgat kommunale grond slap vertoon.

-2-

Ek het ondersoek ingestel en gevind dat die lyndraad waarskynlik platgedruk is en dat daar spore van beeste was wat blykbaar vanuit my grond na Steenbokgat gejaag is. Ek skat so drie (3) beeste. Ek het ook vreemde voetspore wat lyk na dié van 'n tekkie en 'n waterskoen opgemerk, vermoedelik van die persoon wat die beeste aangejaag het. Die spore het redelik vars gelyk.

-3-

Ek het onmiddellik my woning geskakel en my vrou versoek om die plaaslike polisie te kontak en van die aangeleentheid in kennis te stel, terwyl ek die spore gevolg het vir ongeveer 2 km tot waar die spore by dié van ander beeste aangesluit het. Ek het gesien dat die diere verder en in verskillende rigtings beweeg het.

-4-

Ek is terug na my plaas waar ek werkers gekry het om my beeste bymekaar te maak om te bepaal of daar wel van my beeste vermis word en hoeveel. Ek het kartondose geneem om die vreemde skoenspore te bedek vir polisieondersoek.

-5-

Om ongeveer 11:30 het die polisie by my opgedaag en was teenwoordig toe ek die beeste tel. Die besonderhede van die polisielede wat die toneel besoek het, is as volg ............ Ek besit sewentig (70) aanteelkoeie, twaalf (12) verse van dertien (13) maande oud en twaalf (12) kalwers jonger as ses (6) maande wat nog suip, almal van die Simbra-ras. Ek besit ook twee (2) wit Brahmaan-bulle. Die brandmerk op die beeste is L X op die linkerboud. Daar is rooi oorplaatjies in die linkeroor van al die diere wat die geboortedatum van die bees aandui.

Ek het die beeste in die teenwoordigheid van die polisie vergelyk met my veeregister en vasgestel dat daar drie (3) beeste vermis word: een (1) rooi koei met 'n hoekige wit bles van ongeveer 20 cm groot,

wat omtrent drie (3) maande dragtig is, en twee verse, ongeveer 13 maande oud, die een rooi met 'n wit bles en wit linkervoor- en agterpoot en die ander vers gelerig van kleur.

-6-

Ek is die eienaar van 96 beeste waarvan drie nou vermis word. Die waarde van die vermiste vee is R12 000. Ek het nie die afgelope drie (3) maande enige vee verkoop nie en ook niemand toestemming gegee om van my beeste te verwyder nie. Op Vrydag 3 Junie 2014 om 15:00 het ek my beeste nagegaan en was alles in orde. In hierdie stadium verdink ek die volgende persoon/persone (verskaf dan redes).

-7-

Ek verlang 'n ondersoek deur die SAPD na die diefstal van genoemde vee.

-8-

Indien die polisie enige verdagte(s) arresteer en 'n skuldigbevinding volg, verlang ek dat 'n vergoedingsbevel kragtens artikel 300 van die Strafproseswet (Wet 51 van 1977), deur die agbare hof aan my toegestaan word vir die verlies in waarde van die gesteelde vee.

Ek is vertroud met die inhoud van hierdie verklaring en begryp dit./
*I know and understand the contents of this statement.*
Ek het geen beswaar teen die aflegging van die voorgeskrewe eed nie./
*I have no objection to taking the prescribed oath.*
Ek beskou die voorgeskrewe eed as bindend op my gewete./
*I consider the prescribed oath to be binding on my conscience.*

**DATUM/*DATE***: ....................................................

**TYD/*TIME*:** ..........................................................

**PLEK/*PLACE*:**

...........................................................................
**HANDTEKENING VAN VERKLAARDER/**
***SIGNATURE OF DEPONENT***

Ek sertifiseer dat bostaande verklaring deur my afgeneem is en dat die verklaarder erken dat hy/sy vertroud is met die inhoud van die verklaring en dit begryp./
*I certify that the above statement was taken by me and that the deponent has acknowledged that he/she knows and understands the contents of this statement.*

Hierdie verklaring is voor my beëdig/bevestig en verklaarder se handtekening/merk/duimafdruk is in my teenwoordigheid daarop aangebring./
*This statement was sworn to before me and deponent's signature/mark/thumb-print was placed thereupon in my presence.*

**te/*at*:** .................. **op/*on*: 2014-**......-...... **om/*at*:** ...... : ......
**KOMMISSARIS VAN EDE/*COMMISSIONER OF OATHS***
**VOLLE NAAM EN VAN: *FULL NAME AND SURNAME*** .....................................................................
**ADRES/*ADDRESS*: SA Polisiediens, Voortrekkerstraat, Piet Retief**
..........................................................................................................................................
**RANG/*RANK*:** ...........................................................................................................................

## 3.5 ADDISIONELE KLAGTES VAN DIEREMISHANDELING

In baie veediefstalinsidente is daar gevalle waar beeste of skape op uiters wrede maniere doodgemaak word. Dit sluit in koeie wat lewendig geslag word en lammers wat doodgeslaan word deur hulle koppe teen rotse of telefoonpale te breek.

Slagoffers van sulke misdade kan, afgesien van aanklagte van diefstal, ook ’n bykomende klag van dieremishandeling lê kragtens die Dierebeskermingswet (Wet 71 van 1962).

Klik op hierdie QR-kode vir die volledige Dierebeskermingswet (Wet 71 van 1962).

Die wet stipuleer dat dit ’n misdryf is om:

- diere te verwaarloos, vertoorn of vermink
- diere in vuil of parasitiese toestande aan te hou
- nie veeartshulp aan te bied of te verkry indien nodig nie
- ’n dier nie uit te sit as dit onnodig ly nie
- enige dier op te sluit of te kniehalter wat veroorsaak dat die dier ly
- ’n dier in toestande aan te hou sonder die nodige beskutting, lig of ventilasie of dit aan oormatige hitte, koue, son, reën en stof bloot te stel of sonder die nodige voorsiening van voedsel of water
- ’n dier uit te lok, te terg of aan te hits om ’n ander aan te val of om ’n dier aan te hou met die doel om te baklei.

Enige persoon wat skuldig is aan só ’n misdryf, kan by skuldigbevinding ’n boete of gevangenisstraf vir ’n tydperk van hoogstens 12 maande opgelê word, of langer as sodanige gevangenisstraf sonder die keuse van ’n boete opgelê word.





Klik op hierdie QR-kode vir die volledige Slagoffershandves.

## 3.6 SLAGOFFERSHANDVES

Die Dienshandves vir Slagoffers van Misdaad in Suid-Afrika (Slagoffershandves) streef na geregtigheid vir almal. Die Slagoffershandves staan in die gees van die Grondwet en die Verenigde Nasies se Deklarasie van Basiese Beginsels van Geregtigheid vir Slagoffers van Misdaad en Magsmisbruik, 1985 (GA/RES/40/34).

Sedert 1994, en in ooreenstemming met die kweek van 'n menseregtekultuur, het die fokus geleidelik verskuif van 'n regstelsel waarin slagoffer en oortreder as teenstanders te staan kom en die doelwit vergelding is na 'n stelsel van herstellende geregtigheid. Die kern van die konsep van herstellende geregtigheid is die erkenning van misdaad nie as bloot 'n oortreding teen die staat nie, maar ook as 'n onregmatige daad of onreg wat 'n ander persoon aangedoen is.

Die uiteindelike doelwit is om slagoffers te bemagtig deur in hulle behoeftes te voorsien, hetsy stoflik of emosioneel. Die Slagoffershandves en die minimumstandaarde verduidelik en konsolideer die regte en verpligtinge met betrekking tot dienste van toepassing op slagoffers en oorlewendes van misdaad in Suid-Afrika. Dit is in ooreenstemming met die bepalings van artikel 234 van die Grondwet.

As 'n misdaad gepleeg is en by die SAPD aangemeld word, stel dit die strafregstelsel in werking. Die SAPD moet misdade ondersoek en oortreders aan die man bring. Sodra 'n aanklag aanhangig gemaak is, open die polisie 'n dossier en ondersoek die aanklag. As die polisie nie seker is of vervolging ingestel moet word nie, sal 'n formele aanklag nie onmiddellik ingebring word nie. Die polisie sal so 'n saak eers ondersoek en die dossier aan die staatsaanklaer voorlê vir 'n beslissing.

Vanaf die oomblik dat 'n misdaad gepleeg en aangemeld is, is dit belangrik dat al die beskikbare bewyse versamel en beskerm word op so 'n wyse dat dit sal help met die ondersoek van die saak en die daaropvolgende verhoor. Beserings wat die misdaadslagoffer opgedoen het of skade wat hy of sy gely het, kan die getuienis teen die beskuldigde staaf. 'n Mediese verslag moet opgestel en voorgelê word, waar van toepassing.

Wanneer iemand aangekla word, word die saak na die hof verwys, waar die staatsaanklaer verantwoordelikheid vir die vervolging in die saak aanvaar.



Die slagoffer van misdaad se regte tydens die res van die strafregtelike proses, wat fokus op die hofprosedure, word breedvoerig in hoofstuk 4 behandel.



## Doel van minimumstandaarde

Die minimumstandaarde vir dienste vir slagoffers van misdaad is ’n inligtingsdokument wat slagoffers se regte soos vervat in die Slagoffershandves verder verduidelik. Dit verskaf inligting oor die regering se verbintenis tot beter dienslewering aan slagoffers van misdaad. Die standaarde skets nie net basiese regte en beginsels nie, maar verstrek ook gedetailleerde inligting om misdaadslagoffers in staat te stel om hulle regte uit te oefen en om diensverskaffers te help om daardie regte te handhaaf. Die minimumstandaarde help om almal wat by die strafregstelsel betrokke is, aanspreeklik te hou om te verseker dat slagoffers gepaste bystand en dienste ontvang.

Wanneer iemand ’n misdaad aanmeld en getuienis in die hof lewer, speel dit ’n deurslaggewende rol om die strafregstelsel beter op die behoeftes van die samelewing te laat reageer en om te verseker dat oortreders aan die man gebring word. Op sy beurt moet die strafregstelsel vinnig en hoflik reageer, klaers met respek vir hulle waardigheid en privaatheid behandel en in hulle behoeftes voorsien. Die minimumstandaarde is ’n poging om te verseker dat dit gebeur, deur mense te bemagtig en voldoende inligting te verskaf sodat mense hulle regte kan uitoefen.

’n Misdaadslagoffer kan dus verwag dat die rolspelers in die strafregstelsel sal verseker dat die regte wat in die Slagoffershandves uiteengesit is, afgedwing word.

## Minimumstandaarde

Die minimumstandaarde vir dienste vir slagoffers van misdaad sluit in:

- die reg om met billikheid en met respek vir die slagoffer se waardigheid en privaatheid behandel te word
- die reg om inligting aan te bied
- die reg om inligting te ontvang
- die reg op beskerming
- die reg op bystand
- die reg op vergoeding
- die reg op herstel.

## Regte as ’n slagoffer van misdaad

Misdaadslagoffers se regte, soos vervat in die Grondwet en relevante wetgewing, moet soos volg in hulle kontak met die strafregstelsel gehandhaaf word:

*Die reg om met billikheid en met respek vir jou waardigheid en privaatheid behandel te word*



- Jy het die reg om flink en hoflik bedien te word, met respek vir jou waardigheid en privaatheid, deur alle lede van enige departement, instelling, agentskap of organisasie wat regstreeks of onregstreeks ’n diens aan jou lewer (hierna diensverskaffers genoem).
- Die polisie, tydens ondersoeke, die aanklaers en hofamptenare tydens voorbereiding vir en gedurende die verhoor asook alle ander diensverskaffers, moet jou enige onnodige ongerief spaar deur onder meer onderhoude met jou in jou voorkeurtaal en, indien nodig, privaat te voer.
- Hierdie maatreëls sal verhoed dat jy aan sekondêre viktimisasie blootgestel word.


*Die reg om inligting aan te bied*

- Jy het die reg om inligting tydens die kriminele ondersoek en verhoor aan te bied.

- Die polisie, aanklaer en korrektiewediensteamptenaar moet verseker dat enigiets wat jy tot die ondersoek, vervolging en paroolverhoor wil bydra, aangehoor en oorweeg word in die besluit of daar met die ondersoek voortgegaan moet word, of tydens die verloop van die vervolging of paroolraadverhoor.
- Hierdie reg beteken dat jy kan deelneem (indien nodig en waar moontlik) aan strafregverrigtinge deur die borgtogverhoor, die verhoor, vonnisoplegging en/of paroolraadverhoor by te woon.
- Dit beteken dat jy die geleentheid sal hê om nóg 'n verklaring by die polisie af te lê as jy meen dat jou eerste verklaring onvolledig was; jy mag ook, waar toepaslik, 'n verklaring voor die hof aflê of tydens vonnisverrigtinge getuig om die hof se aandag op die erns van die misdaad te vestig.
- Jy mag ook 'n skriftelike aansoek tot die voorsitter van die paroolraad rig om die paroolverhoor by te woon en skriftelike vertoë voor te lê.

*Die reg om inligting te ontvang*

- Jy het die reg om ingelig te word oor jou regte en hoe om dit uit te oefen.



- As deel van hierdie reg mag jy vra dat enigiets wat jy nie verstaan nie, in jou eie taal aan jou verduidelik word.
- Jy het die reg om inligting te ontvang en ingelig te word oor alle relevante dienste wat diensverskaffers aan jou kan lewer.
- Jy sal oor jou rol in die saak ingelig word en jy mag ook weet ongeveer hoe lank die saak sal duur. Jy mag inligting aanvra oor hofdatums, getuiefooie en die getuiebeskermingsprogram.
- Jy mag weet hoe die saak vorder, of die oortreder in hegtenis geneem of aangekla is, of borgtog toegestaan is, en of die oortreder skuldig bevind of gevonnis is.
- Jy mag redes aanvra vir 'n besluit wat in jou saak geneem is oor vervolging al dan nie.
- Jy is geregtig om dokumente te ontvang waartoe jy regtens toegang mag hê.
- Jy mag versoek dat jy in kennis gestel word van verrigtinge wat jy mag bywoon.
- Jy mag die aanklaer versoek om jou werkgewer in kennis te stel van verrigtinge wat jy in werkstyd moet bywoon.

*Die reg op beskerming*

- Jy het die reg om vry te wees van intimidasie, teistering, vrees, bemoeienis, omkopery, korrupsie en mishandeling. As jy 'n getuie is, moet jy enige sodanige bedreiging by die polisie of senior aanklaer aanmeld.
- Mits jy aan sekere vereistes voldoen, sal die polisie aansoek doen dat jy in 'n getuiebeskermingsprogram geplaas word.
- As dié aansoek slaag, sal jy in 'n getuiebeskermingsprogram opgeneem word waar jy sover moontlik beskerm sal word teen alle vorms van onbehoorlike beïnvloeding, teistering of intimidasie.
- Dit sal jou veiligheid as getuie en die beskikbaarheid van jou getuienis verseker, en verhoed dat jy jou getuienis weerhou as gevolg van onbehoorlike beïnvloeding.
- Hierdie reg beteken ook dat die hof in sekere omstandighede die publikasie van

enige inligting (waaronder jou identiteit) mag verbied, of dat die hof gelas dat die verhoor agter geslote deure (*in camera*) plaasvind.

- Jy mag Korrektiewe Dienste versoek om jou te verwittig as die oortreder ontsnap het of oorgeplaas is.

*Die reg op bystand*

- Jy het die reg om bystand aan te vra en, waar toepaslik, toegang te kry tot beskikbare maatskaplike, gesondheids- en beradingsdienste asook regshulp wat jou behoeftes in aanmerking neem.
- Die polisie moet jou bystaan deur polisieprosedures te verduidelik, jou oor jou regte in te lig en jou na ander relevante diensverskaffers te verwys.
- Die kantoorbestuurder of kantoorhoof by die hof sal vir die dienste van 'n tolk reël.
- Die aanklaer sal verseker dat spesiale maatreëls met betrekking tot seksuele oortredings, gesinsgeweld en kinderondersteuning of onderhoudsake getref word en dat sulke sake, indien moontlik, in gespesialiseerde howe verhoor word.
- As jy spesiale behoeftes het, moet alle diensverskaffers, binne hulle lynfunksie, alle redelike stappe doen om jou tegemoet te kom en te verseker dat jy op 'n sensitiewe wyse behandel word.

Ander regte, insluitend die reg op vergoeding en die reg op herstel, word in hoofstuk 4, wat fokus op die hofprosedure, bespreek.

## 3.7 ONBEVREDIGENDE ONDERSOEK



Al die departemente, instellings en agentskappe wat by die saak betrokke is, poog om 'n hoë standaard van diens te verskaf, maar soms kan dinge skeefloop. As dit gebeur, wil die departemente, instellings en agentskappe weet wat gebeur het.

Sekere stappe kan gevolg word indien jy tydens die ondersoek na die veediefstalinsident ontevrede is met die SAPD oor

- die manier waarop jy behandel is
- die inligting wat jy ontvang het
- die besluite wat geneem is.

Dien 'n klagte oor 'n polisiebeampte of 'n polisiediensbeleid, -praktyk of -prosedure in deur aan die stasiekommissaris van die betrokke polisiestasie te skryf.

As die klagte handel oor eiendom wat verlore geraak het of beskadig is terwyl dit in die polisie se besit was, kan op vergoeding aanspraak gemaak word. Rig enige navrae aan die stasiekommissaris.

Indien die probleem nie bevredigend opgelos is nie, nader ook die areakommissaris van die betrokke polisiestasie met besonderhede van die eis.

As die klagte steeds nie bevredigend hanteer word nie, skakel die Kantoor van die Openbare Beskermer (sien hoofstuk 6 vir kontakbesonderhede).

As die klagte dan nog nie bevredigend hanteer is nie, nader die Onafhanklike Klagtedirektoraat (sien hoofstuk 6 vir kontakbesonderhede), maar let daarop dat dié kantoor net genader kan word oor klagtes rakende gevalle van beweerde misdadige optrede of wangedrag deur lede van die Metropolisiediens en lede van die SAPD wat versuim het om hulle pligte te verrig.

*Slagoffers en getuies wat in die hof verskyn, moet weet wat hul regte is*

HOOFSTUK 4

# DIE STRAFREGSTELSEL

04

Strafprosesreg is 'n samestelling van reëls en prosedures wat die hele proses van misdaadvervolging reguleer. Dit reël onder meer inhegtenisname, borg, die verhoor, vonnis en appèl. Die vernaamste bron van die Suid-Afrikaanse strafprosesreg is die Strafproseswet, Wet 51 van 1977.
Die Grondwet vervat ook belangrike beginsels van die strafproses, veral in die Handves van Menseregte. Die Handves van Menseregte verskans byvoorbeeld elke beskuldigde persoon se reg tot 'n regverdige verhoor.

## 4.1 STAPPE IN DIE STRAFREGSTELSEL

Misdaad word by die polisiestasie aangemeld

↓

Polisie open ’n dossier en ondersoek die misdaad

↓

Dossier word na die hof gestuur
(aanklaer moet besluit of verdere ondersoek nodig is)

↓

Nasionale Vervolgingsgesag besluit om te vervolg of nie

↓

| | | |
|---|---|---|
| As hulle besluit om nie te vervolg nie, is dit omdat die saak nie sterk genoeg is nie (te min bewyse) | As hulle besluit om te vervolg, gaan die saak na die hof vir ’n aanklag | Aanklaer kan besluit om die saak af te wentel as alternatiewe manier van beslegting |

↓

| | |
|---|---|
| In die hof kan die beskuldigde aansoek doen om op borgtog vrygelaat te word (terwyl hy wag dat die verhoor afgehandel word); daarna is daar ’n borgaansoek → | Die verhoor kan ’n paar keer uitgestel word om meer bewyse te kry, of om ’n prokureur vir die beskuldigde te kry |

↓

Die aanklaer sal eerste getuies roep om getuienis te lewer om te bewys dat die beskuldigde skuldig is

↓

Beskuldigde of sy prokureur kan dan ook getuies roep of getuienis aanbied

↓

Nadat albei kante aangehoor is, moet die voorsittende beampte besluit of die beskuldigde skuldig of onskuldig is

↓

Indien skuldig, word die beskuldigde deur die voorsittende beampte gevonnis

↓

| | | |
|---|---|---|
| Indien tot tronkstraf gevonnis, kan die beskuldigde op parool vrygelaat word (word deur die paroolraad besluit) | Indien gevonnis om ’n boete of vergoeding te betaal, word dit aan die klerk van die hof betaal | Die hof kan ander vonnisopsies oorweeg, afgesien van tronkstraf of boetes |

Bron: *Verstaan die strafregstelsel*, Nasionale Vervolgingsgesag, 2008.

## 4.2 REGTE VAN SLAGOFFERS IN DIE STRAFREGSTELSEL

Die Slagoffershandves, wat ten doel het om slagoffers te bemagtig deur in hulle behoeftes te voorsien, hetsy stoflik of emosioneel, word in hoofstuk 3 bespreek. In hierdie hoofstuk word daar gefokus op die regte en verpligtinge met betrekking tot dienste aan misdaadslagoffers nadat die saak na die hof verwys is.

As jy die slagoffer van misdaad was, het jy sekere regte wat vervat is in die Slagoffershandves.

Die aanklaer moet:

- jou billik en met respek behandel om jou waardigheid en privaatheid te beskerm
- inligting verskaf
- inligting ontvang
- jou beskerm
- jou bystaan.

Jy het die reg om te vra hoekom die aanklaer sekere besluite geneem het. Jy mag ook kla as jy voel jou regte word nie beskerm nie (sien 4.6).

Klik op hierdie QR-kode vir die volledige Slagoffershandves.

Wanneer iemand aangekla word, word die saak na die hof verwys, waar die aanklaer verantwoordelikheid vir die vervolging in die saak aanvaar. Die aanklaer sal die feite van elke saak deeglik oorweeg. Die aanklaer kan een van drie dinge doen:

- besluit dat daar voldoende bewyse vir vervolging is en met vervolging voortgaan
- besluit dat meer inligting nodig is om ’n



ingeligte besluit te neem en gevolglik die ondersoekbeampte gelas om die saak verder te ondersoek
- om verskeie redes, soos openbare belang, besluit om die aanklag terug te trek.

Die aanklaer sal die slagoffer se belange in aanmerking neem by enige van hierdie besluite en kan ook besluit om die aanklagte te verander, afhangende van die feite van die saak. Tensy die aanklaer "skuld bo redelike twyfel" bewys, sal die beskuldigde ontslaan word.

Jy kan 'n spoedige en doeltreffende proses verwag, wat sal verseker dat die saak so gou moontlik voor die hof kom. Jy kan verwag dat die aanklaer alle inligting rakende die borgverrigtinge van die ondersoekbeampte sal aanvra en dit aan die hof voorlê, om te verseker dat die besluit om borg aan die beskuldigde toe te staan of te weier, geneem word met die slagoffer se beste belange en beskerming in gedagte.

Voordat die aanklaer 'n pleit van skuld aanvaar, sal die aanklaer die slagoffer se belange, asook dié van sy of haar familie, in aanmerking neem.

## 4.3 VERSKYNING IN DIE HOF

Om 'n getuie te wees, is dapper. Dit sal die polisie en die vervolging help om te verseker dat geregtigheid geskied. Die polisie sal jou skriftelik inlig om in die hof te verskyn. Die meeste sake word in die landdroshowe gehanteer, maar die ernstiger misdrywe gaan na die streekhof of die hooggeregshof.

Indien jy nie weet waar die verhoor gaan plaasvind nie, doen navraag by die hulp-, inligting- of adviestoonbank om uit te vind in watter hofsaal die verrigtinge gaan plaasvind. Dit is 'n misdryf as jy nie aan die getuiedagvaarding gehoor gee nie en kan lei tot arrestasie.

As jy vrae of inligting het, gee dit vir die aanklaer voordat jy in die hof moet getuig. Op die dag van die verhoor sal daar dalk nie tyd wees nie.

Laat weet die aanklaer wanneer jy by die hof aankom. Jy kan enige tyd vra om jou verklaring weer te lees voor jy moet getuig. Bly by die hof totdat jy getuig het of verskoon word. Moenie die hofgebou sonder die toestemming van die voorsittende beampte verlaat nie. Die aanklaer sal jou help om toestemming te kry.

'n Getuie mag nie in die hofsaal wees voordat hy of sy geroep word om te getuig nie. As iemand probeer om die saak met jou te bespreek, sê dit vir die ondersoekbeampte of aanklaer. Moenie die saak met enigiemand bespreek nie, behalwe die aanklaer of die mediese dokter of sielkundige wat met die saak help. Nadat jy getuig het, kan jy die res van die verrigtinge bywoon.

Die wet maak vir die volgende voorsiening wanneer jy getuienis lewer:

- In sekere omstandighede kan jy deur middel van geslotebaantelevisie getuig (dit beteken die getuie is nie in die hof in teenwoordigheid van die beskuldigde nie, maar in 'n ander vertrek).
- Indien die getuie jonger as 18 is en as die voorsittende beampte (die landdros of regter) van mening is dat die getuie onredelike geestelike spanning of lyding sal ondervind deur tydens die verhoor te getuig, kan die getuie deur 'n tussenganger

bygestaan word en deur middel van geslotebaantelevisie getuienis lewer.
- Verrigtinge kan in sekere omstandighede *in camera* (agter geslote deure) plaasvind.

*Dreigemente en intimidasie*

Dit is onwettig om enigiemand te dreig of bang te maak. As dit met jou gebeur, sê dit vir die ondersoekbeampte of die aanklaer. Dit is onwettig as iemand, insluitende familielede, jou dwing of oorreed om nie 'n getuie te wees nie.

*Uitgawes*

Party uitgawes kan teruggeëis word, byvoorbeeld reiskoste. Vra die aanklaer om 'n vorm te voltooi nadat jy getuig het.

## In die getuiebank



Om vir die eerste keer in die hof te getuig, kan 'n onaangename ervaring wees en voorbereiding is noodsaaklik. Daar is 'n paar basiese wenke wat jy kan toepas wat jou beter kan toerus vir wanneer jy in die getuiebank moet staan.

- Wanneer jy die eed aflê, kyk na die voorsittende beampte en sê met 'n duidelike stem "so help my God". In plaas daarvan kan jy ook sê "Ek sal die waarheid, die volle waarheid en niks anders nie as die waarheid praat". Dit word 'n plegtige verklaring genoem.
- Terwyl jy getuig, moet jy staan, maar jy kan vra om te sit. Praat hard en duidelik.
- Luister mooi na die vraag. Maak seker dat jy dit verstaan, of vra dat dit verduidelik word. Kyk na die persoon wanneer jy antwoord, en beantwoord net die vraag wat gevra word.
- Moenie jou kop skud om ja of nee aan te dui nie. Gebruik woorde om elke vraag te beantwoord.
- As die aanklaer of die prokureur beswaar maak, hou op praat. Wag tot die voorsittende beampte oor die beswaar besluit, en gaan voort wanneer hy so sê.
- As jy 'n vraag nie wil beantwoord nie, moenie vir die voorsittende beampte vra of jy dit moet beantwoord nie. As dit 'n onbehoorlike vraag is, sal die aanklaer beswaar maak. As die aanklaer dit nie doen nie, moet jy die vraag beantwoord, of die hof sal die prokureur stop.
- Moenie in 'n woordewisseling betrokke raak of jou humeur verloor nie. Dit sal nie help nie.
- As jy 'n fout maak, erken dit. Niemand sal dit teen jou hou nie, maar hulle sal dit wel doen as hulle dink jy vertel 'n leuen.
- Ken jou feite, maar moenie jou getuienis opsê asof jy dit gememoriseer het nie, want jy kan dalk deurmekaar raak as die vrae nie in dieselfde volgorde gevra word nie.
- Jy kan sê "ek kan nie onthou nie" as jy van die besonderhede vergeet het.
- As 'n vraag herhaal word, gee dieselfde antwoord as voorheen.
- Die heel belangrikste is dat jy 'n eed of plegtige verklaring afgelê het om die waarheid te praat. As jy betrap word dat jy nie die waarheid praat nie, kan jy vervolg word. Dit maak ook jou getuienis verdag en kan veroorsaak dat 'n misdadiger loskom.



## Wat gebeur in die hof?

Die volgende mense sal teenwoordig wees in die hof: voorsittende beampte, assessor, getuie, klerk van die hof, hofordonnans, aanklaer, prokureur, tolk, beskuldigde, publiek.

### 1. Borgtog



Wanneer 'n gearresteerde persoon vir die eerste keer voor die hof gebring word, moet die voorsittende beampte besluit of hy of sy op borgtog vrygelaat kan word. As die slagoffer van die misdaad bang is dat die beskuldigde op borgtog vrygelaat kan word, moet hy of sy redes aan die aanklaer of ondersoekbeampte verstrek.

In 'n veediefstalsaak kan die slagoffer deur persone binne georganiseerde landbou ondersteun word.

As die beskuldigde op borgtog vrygelaat is en op enige manier met die slagoffer in aanraking kom, moet die slagoffer die aanklaer of ondersoekbeampte daarvan in kennis stel.

Tydens die borgaansoek sal die landdros dalk nog getuienis wil aanhoor. Die hof moet besluit of borg toegestaan moet word al dan nie.

### 2. Pleit

Aan die begin van 'n verhoor word die beskuldigde deur die aanklaer ingelig waarvan hy of sy aangekla word. Die beskuldigde pleit dan skuldig of onskuldig op die aanklag. As die beskuldigde onskuldig pleit, moet die saak verhoor word.

### 3. Die staat se saak

Tydens die verhoor roep die aanklaer die getuie om te getuig. Die aanklaer lei die getuie sodat hy of sy niks belangriks uitlaat nie. 'n Getuie kan enige van die volgende wees:

- die slagoffer
- iemand anders wat weet wat gebeur het of iets oor die misdaad weet
- die polisiebeampte, forensiese deskundige of ander deskundiges.

### 4. Kruisondervraging

Nadat elke getuie getuig het, kan die beskuldigde of sy prokureur vrae aan die getuie stel. Die doel is om te toets of die getuie se getuienis korrek is. Dit bied ook aan die beskuldigde of sy prokureur 'n kans om sy of haar weergawe van die gebeure aan die getuie te stel.

Die prokureur van die beskuldigde kan ook vrae aan die getuie stel. Hy of sy beskerm die regte van die beskuldigde.

Die prokureur kan onvriendelik teenoor jou wees en kan moeilike vrae aan jou stel. Probeer kalm bly en vertel die waarheid selfs al moet jy jouself herhaal (sien bladsy 47 vir wenke oor hoe om as getuie op te tree).

### 5. Die beskuldigde se saak

Na die staat se saak kan die beskuldigde of sy prokureur die hof versoek om die beskuldigde te ontslaan. Dit gebeur as hulle voel die aanklaer het nie die saak teen die beskuldigde bewys nie.

Die voorsittende beampte moet besluit om die beskuldigde te ontslaan of met die saak voort te gaan. As die beskuldigde nie ontslaan word nie, gaan die saak aan.

Die prokureur bied getuienis aan en roep getuies, wat die beskuldigde kan insluit. Die verdediging sal probeer om sy kliënt se onskuld te bewys deur leemtes in die staat (aanklaer) se saak te skep. Hulle wil bewys dat die staat se bewerings nie waar is nie of onvoldoende is om die beskuldigde skuldig te bevind.

Die aanklaer kan nou vrae stel aan enige van die verdediging se getuies. Dit sluit die beskuldigde in.

**6. Betoog**

In die betoog sal die aanklaer die saak opsom en beredeneer. Hy of sy gee redes hoekom die beskuldigde skuldig bevind moet word. Die beskuldigde of sy prokureur kry ook 'n kans om die hof toe te spreek om die beskuldigde onskuldig te bevind.

**7. Uitspraak**

Die hof besluit of die beskuldigde skuldig is. As die beskuldigde skuldig bevind word, het die aanklaer sy skuld "bo redelike twyfel" bewys. As die beskuldigde onskuldig bevind word, is dit omdat die voorsittende beampte bevind het dat daar nie genoeg bewyse is om die beskuldigde skuldig te bevind nie. As daar twyfel is, moet die hof die beskuldigde ontslaan, wat beteken dat hy of sy vry kan uitstap.

**8. Die vonnis**

Wanneer die beskuldigde skuldig bevind is, moet die voorsittende beampte oor 'n gepaste vonnis besluit. Sowel die aanklaer as die verdediging kan in hierdie stadium getuies roep.

Die aanklaer kan praat oor hoe erg die misdaad was en hoe dit die gemeenskap en die slagoffer getref het, en kan selfs getuies roep. Die aanklaer kan ook vra dat die klaer vergoed word as hy of sy skade gely het as gevolg van die misdaad. Die klaer moet die aanklaer vra om vir 'n vergoedingsbevel aansoek te doen voor die beskuldigde gevonnis word (sien 4.5 vir meer inligting oor vergoedingsbevele).

Indien jy van mening is dat die vonnis te toegeeflik is, kan jy dit met die senior of beheeraanklaer bespreek, wat kan besluit om dit onder die aandag van die betrokke direkteur van Openbare Vervolging te bring. Die direkteur van Openbare Vervolging kan teen die vonnis appelleer. Die appèl moet binne 'n vasgestelde tydperk aangeteken word.

'n Beskuldigde kan appelleer teen 'n skuldigbevinding of die vonnis wat die hof opgelê het. Indien 'n appèl aangeteken word, kan die aanklaer in die oorspronklike saak, of die staatsadvokaat wat die appèl hanteer, versoek word om op hoogte gehou te word van verdere ontwikkelings in die saak, byvoorbeeld die datum wat bepaal is vir die appèlverhoor, of borgtog aan die beskuldigde toegestaan is, en die uitslag van die appèl.

Indien daar besorgdheid bestaan oor die slagoffer se veiligheid of dié van 'n staatsgetuie, sal die polisie, die aanklaer of 'n verteenwoordiger van die getuiebeskermingseenheid die slagoffer kan adviseer oor wat gedoen kan word vir beskerming.





die staat gebring word indien die staat die saak wil uitstel en die verdediging weier.

Indien uitstel verleen word, kan dit ook aangeteken word op die dossier as finale uitstel. Dit beteken dat daar op die volgende hofdatum nie weer aansoek gedoen mag word vir uitstel nie, maar dat 'n verhoordatum dan vasgestel moet word. Indien die saak op die volgende hofdatum steeds nie gereed is vir verhoor nie, mag die verdediging aansoek doen dat die saak voorlopig teruggetrek word totdat die ondersoek voltooi is. Die verdediging mag egter slegs so 'n aansoek bring indien die staat op die vorige geleentheid uitstel versoek het.

## 4.4 UITSTEL VAN HOFSAAK

Daar is 'n aantal redes waarom 'n hofsaak uitgestel kan word. Die saak kan uitgestel word vir:

- die beskuldigde om regsverteenwoordiging of regshulp te verkry
- verdere ondersoek
- 'n borgaansoek
- getuies om voor die hof te verskyn
- die regsverteenwoordiger, indien die regsverteenwoordiger dalk op die betrokke hofdatum nie beskikbaar is nie
- 'n verhoor.

Indien die prokureur vir die verdediging die aangeleentheid wil uitstel, word die aanklaer eers genader om 'n uitsteldatum te reël. Indien die staatsaanklaer nie beswaar het teen die uitstel nie, sal 'n datum onderling gereël word en aan die hof meegedeel word wanneer die saak geroep word.

Indien die aanklaer egter die uitstel weier, kan daar by die hof aansoek gedoen word vir die uitstel. Die prokureur sal dan aan die hof redes moet voorhou waarom uitstel verleen moet word.

Die hof moet gedurende so 'n aansoek die beskuldigde se reg op 'n spoedige verhoor in ag neem. Hierdie aansoek kan ook deur

## 4.5 VERGOEDING

Ingevolge die minimumstandaarde vir dienste vir slagoffers van misdaad het slagoffers ook die reg op vergoeding en die reg op herstel (restitusie). Sien hoofstuk 3 vir meer inligting oor die minimumstandaarde.

*Die reg op vergoeding*

- Jy het die reg op vergoeding vir verlies van of skade aan eiendom wat gely is as gevolg van misdaad wat teen jou gepleeg is.
- Jy mag versoek om teenwoordig te wees in die hof op die datum van vonnisoplegging en die aanklaer versoek om by die hof aansoek te doen om 'n vergoedingsbevel ingevolge artikels 297 en 300 van die Strafproseswet (Wet 51 van 1977).
- "Vergoeding" het betrekking op 'n bedrag geld wat 'n strafhof toeken aan die

slagoffer wat verlies of skade aan eiendom gely het, met inbegrip van geld, as gevolg van 'n kriminele daad of versuim deur die aangeklaagde.

- Die aanklaer sal jou in kennis stel indien 'n vergoedingsbevel toegestaan is, die inhoud daarvan verduidelik en hoe om dit af te dwing. Jy kan ook 'n siviele geding teen die beskuldigde instel as die strafhof nie 'n vergoedingsbevel toestaan nie. Dit gebeur gewoonlik wanneer die skade nie maklik in terme van geld bepaal kan word nie, soos byvoorbeeld sielkundige letsels of pyn en lyding.
- Die klerk van die hof sal jou bystaan met die afdwing van 'n vergoedingsbevel wat deur die hof toegestaan is.

*Die reg op herstel*

- Jy het die reg op herstel (restitusie) indien jy wederregtelik van jou goedere of eiendom ontneem is, of indien jou goedere of eiendom wederregtelik beskadig is.
- Restitusie het betrekking op gevalle waar die hof, ná skuldigbevinding, die aangeklaagde gelas om die eiendom of goedere waarvan jy wederregtelik ontneem is aan jou terug te besorg, of om die eiendom of goedere wat wederregtelik beskadig is, te herstel sodat jy weer die posisie kan geniet waarin jy was voordat die misdaad gepleeg is.
- Die aanklaer sal jou verwittig van wat restitusie behels, en die klerk van die hof sal jou help om hierdie reg uit te oefen.

## Vergoedingsbevele

Die Strafproseswet maak voorsiening vir kompensasie. 'n Hoërhof, 'n streekhof of 'n distrikshof kan by skuldigbevinding aan 'n oortreding wat skade aan of verlies van eiendom tot gevolg gehad het, 'n vergoedende bevel aan die klaer of verontregte party toestaan.

Ingevolge die Strafproseswet is daar twee duidelike bepalings van toepassing in die gevalle van vergoeding, naamlik artikel 297 (1)(a)(i)(aa) en artikel 300. Albei bepalings het dieselfde doelwit, naamlik om die slagoffer van die misdaad te vergoed. Die toepassing en die toestaan van die twee bepalings is egter verskillend. In albei gevalle berus dit egter by die diskresie van die hof om te besluit of dit toegestaan sal word.

Klik op hierdie QR-kode vir die volledige Strafproseswet (Wet 51 van 1977).

## Strafproseswet, artikel 297

Artikel 297 handel oor vonnisse deur die howe en bepaal dat die hof 'n vonnis voorwaardelik of onvoorwaardelik kan uitstel of opskort, en iemand kan waarsku of berispe. Waar 'n hof iemand skuldig bevind aan 'n ander misdryf as 'n misdryf ten opsigte waarvan 'n wet 'n minimum straf voorskryf, kan die hof na goeddunke die oplegging van vonnis vir 'n tydperk van hoogstens vyf jaar opskort en die betrokke persoon op een of meer voorwaardes vrylaat. Voorwaardes sluit in skadevergoeding of die verskaffing aan die benadeelde persoon van een of ander bepaalde voordeel of diens in plaas van skadeloosstelling weens skade of geldelike verlies.

In die geval van hierdie artikel is die besluit alleenlik binne die diskresie van die hof en is die bepalings van artikel 300 nie ter sprake nie, naamlik dat die slagoffer daarvoor moet aansoek doen. Die bedrae voorgeskryf in die geval van artikel 300 is nie hier ter sprake nie.

Die beginsels soos hier genoem bly van toepassing, naamlik dat die persoon die nodige fondse moet hê om die vergoeding te kan betaal. Die hoërhowe het lankal reeds gesag gevestig en gesê dié tipe vergoeding moet oorweeg word waar die persoon 'n opgeskorte vonnis kry en die skuldige in staat sal wees om te werk en die vergoeding af te betaal.

Daar is menige uitsprake met voorbeelde van artikel 297 en dit is belangrik om daarop te let dat die skadevergoeding in die meeste gevalle deur die beskuldigde afbetaal word en dat geen rente ter sprake is nie.

## Strafproseswet, artikel 300



'n Aansoek om skadevergoeding kan gebring word wanneer lewende hawe of ander roerende eiendom wat aan die klaer of verontregte party behoort, gesteel is. So 'n aansoek kan ook gebring word wanneer 'n beskuldigde eiendom (roerend en onroerend) beskadig wat aan die klaer of verontregte party behoort.

Die regswerking van 'n skadevergoedingsbevel is dat die beskuldigde(s) deur die hof gelas word om die klaer of verontregte party te vergoed vir die skade aan of verlies van eiendom wat gely is.

Daar is egter 'n paar aspekte wat spesifieke melding verdien:

- Die klaer of verontregte party moet oor konkrete (verkieslik skriftelike) bewyse beskik wat die skade aan of verlies van eiendom staaf.

'n Aansoek om skadevergoeding kan gebring word wanneer lewende hawe of ander roerende eiendom wat aan die klaer of verontregte party behoort, gesteel is.

- Die aansoek moet na skuldigbevinding deur die klaer of verontregte party of deur 'n staatsaanklaer in opdrag van die klaer of verontregte party gebring word. Hier word aanbeveel dat die klaer of verontregte party dit reeds in sy of haar verklaring aan die SAPD meld dat hy of sy wil aansoek doen vir so 'n vergoedende bevel.
- In die praktyk mag die klaer of verontregte party reeds tydens sy of haar getuienis in die hof getuig dat so 'n bevel verlang word.
- Dit is ook wys om reeds in die verklaring wat deur die slagoffer afgelê word, te noem dat vergoeding verlang word.
- Indien dit egter nie dan gedoen is nie, moet die aanklaer die klaer of verontregte party voor vonnisoplegging roep om hieroor te getuig. Andersins kan die aanklaer die hof meedeel dat hy in opdrag van die klaer of verontregte party wil aansoek doen vir so 'n vergoedende bevel.
- Wanneer 'n beskuldigde egter op die aanklag skuldig pleit, moet die klaer of verontregte party die aanklaer pertinent in kennis stel dat hy of sy voor vonnisoplegging wil getuig oor die toestaan van so 'n vergoedende bevel.



die betrokkenheid van slagoffers by die paroolraadsitting te vergemaklik en aan te moedig wanneer die moontlike vrylating van oortreders oorweeg word.

'n Slagoffer mag óf 'n paroolraadsitting bywoon wanneer die moontlike plasing van 'n oortreder op parool of onder korrektiewe toesig oorweeg word óf versoek dat die paroolraad 'n geskrewe vertoë oorweeg. Die raad mag bandopnames en ander vorms van vertoë oorweeg.

'n Slagoffer mag ook versoek om ingelig te word oor die ontwikkelingsprogramme wat die oortreder ondergaan het of steeds ondergaan om sy of haar gedrag te verbeter. So 'n versoek mag slegs toegestaan word as die oortreder geskrewe toestemming in hierdie verband gegee het.

Indien slagoffers betrokke wil raak by die paroolraadsitting, moet die betrokke paroolraad skriftelik ingelig word. Die slagoffer se versoek sal aangeteken word en hy of sy sal ingelig word aangaande die proses en enige besluit van die paroolraad om die oortreder vry te laat. Hy of sy sal ook ingelig word indien die oortreder ontvlug, sterf, oorgeplaas word of as parool teruggetrek word na vrylating.

'n Slagoffer moet die volgende inligting skriftelik aan die betrokke paroolraad verskaf:

- die naam van die oortreder
- die oortreding begaan
- die saaknommer
- die datum en naam van die hof waar die oortreder gevonnis is
- die volle naam en ID-nommer van die slagoffer en sy of haar posadres.

- Die streekhof kan 'n maksimum bedrag van R1 000 000 as vergoeding toestaan en die distrikshof R300 000, soos voorgeskryf in Staatskoerant no 36111 van 30 Januarie 2013.
- Die toestaan al dan nie van so 'n bevel is in die diskresie van die hof en is nie onderhewig aan appèl of hersiening nie. As die hof egter weier om so 'n bevel toe te staan, moet die hof redes daarvoor verstrek. Die klaer of verontregte party moet by die besluit van die hof berus, maar het steeds die reg om die skade of verlies sivielregtelik van die beskuldigde te verhaal.
- Dit is gemeensaak dat die hof nie 'n vergoedingsbevel sal uitreik indien die beskuldigde nie oor enige fondse beskik om dit te betaal nie of nie in die vermoë is om die fondse te genereer nie.

## 4.6 PAROOLRADE

'n Slagoffer van veediefstal het die reg om teenwoordig te wees by die paroolraadsitting wanneer die moontlike vrylating van 'n oortreder oorweeg word.

Die Departement van Korrektiewe Dienste het prosedures ontwikkel om

Klik op hierdie QR-kode om na die webbladsy van DKD te gaan vir voorbeeld van so 'n kennisgewing (*victim notification*). 'n Voorbeeld is ook beskikbaar by enige paroolraad.

Slagoffers moet die betrokke paroolraad inlig indien hulle adres verander het.

Alle redelike stappe word gedoen om te verseker dat die kontakbesonderhede van slagoffers vertroulik gehanteer word en dat dit nie aan oortreders bekend gemaak word nie.

In die normale verloop van sake en om te voldoen aan die beginsel van *audi alterem partem* (om die ander persoon se standpunt te hoor), sal die oortreder teenwoordig wees wanneer die slagoffer se vertoë gerig word. Nietemin, indien die slagoffer 'n persoonlike vertoë rig tydens die paroolraadsitting, sal die voorsitter alle moontlike stappe doen om te verseker dat die slagoffer beskerm word teen die oortreder en dat geen viktimisering tydens die sitting plaasvind nie.

In sekere omstandighede, soos wanneer kinders of 'n weerlose slagoffer betrokke is, sal reëlings getref word sodat dit nie nodig is om die oortreder te sien nie. Indien slagoffers enige bekommernis in hierdie verband het, moet hulle hierdie saak met die paroolraad bespreek, wat hul behoeftes, vrese en bekommernisse sal aanspreek.

Slagoffers mag deur enige persoon van hul keuse vergesel word om morele ondersteuning te verskaf. In die geval van 'n veediefstalsaak kan die slagoffer deur persone binne georganiseerde landbou ondersteun word. Die paroolraad moet egter ingelig word oor die identiteit van só 'n ondersteuner, om reëlings te tref met die sekuriteitspersoneel om toegang tot die korrektiewe sentrum te vergemaklik.

Wanneer die moontlike vrylating van 'n oortreder op parool oorweeg word, word 'n verskeidenheid faktore in berekening gebring, wat onder meer insluit:

- die oortreder se reaksie op ontwikkelings- en behandelingsprogramme wat verband hou met rehabilitasie
- die bestaan en kwaliteit van ondersteuningstelsels in die gemeenskap
- die waarskynlikheid van heroortreding
- die risiko wat so 'n oortreder vir die groter gemeenskap mag inhou, asook die risiko vir die klaer.

Die samevoeging van al hierdie faktore sal die paroolraad lei tot 'n besluit en dit is daarom belangrik dat klaers betrokke raak by die proses. Die vertoë van die slagoffer kan 'n belangrike rol speel om paroolvoorwaardes te bepaal indien die oortreder op parool of onder korrektiewe toesig uitgeplaas word.

'n Slagoffer neem egter nie deel aan die besluitnemingproses van die paroolraad nie. As dit tydens die sitting van die paroolraad blyk dat geen versoening tussen slagoffer en oortreder plaasgevind het nie, sal die paroolraad dit oorweeg om 'n besluit op die vrylating van die oortreder uit te stel met die oog op moontlike mediasie.

Slagoffers wat vertoë gerig het of wat versoek het dat hulle ingelig word oor paroolbesluite, sal skriftelik ingelig word van die besluit van die paroolraad. Diegene wat teenwoordig is tydens die paroolraadsitting sal tydens die sitting mondelings van die besluit ingelig word.

Indien die slagoffer nie tevrede is met die besluit van die paroolraad nie en van mening is dat die paroolraad gefouteer het, mag hy of sy 'n skrywe rig aan die nasionale kommissaris of toepaslike area-kommissaris en redes aanvoer vir sy of haar mening. Vertoë sal oorweeg word met al die toepaslike feite en dan sal die slagoffer ingelig word oor die uitslag.

'n Slagoffer kan die paroolraad skakel by die korrektiewe sentrum naaste aan die hof waar die oortreder gevonnis is. Kontakbesonderhede kan ook verkry word by enige korrektiewe instelling, insluitende gemeenskapskorreksiekantore of in die plaaslike telefoongids. Adresinligting is ook verkrygbaar op die webblad van die Departement van Korrektiewe Dienste by www.dcs.gov.za. (sien hoofstuk 6 vir kontakbesonderhede).

Indien die beskuldigde na vrylating op parool optree op 'n wyse wat daarop dui dat hy of sy 'n risiko vir openbare veiligheid kan inhou, of enige voorwaardes wat aan sy of haar vrylating gekoppel is, oortree, kan hy of sy in hegtenis geneem word om die res van die vonnis in die gevangenis uit te dien.

## 4.7 MEGANISMES VIR KLAGTES

Al die departemente, instellings en agentskappe wat by die saak betrokke is, poog om 'n hoë standaard van diens te verskaf, maar soms kan dinge skeefloop. Sekere stappe kan gevolg word indien jy tydens die strafregproses ontevrede is met die aanklaers of howe oor

- die manier waarop jy behandel is
- die inligting wat jy ontvang het
- besluite wat geneem is.

*Aanklaers*

Die hof wat die saak gehanteer het, kan die meeste klagtes oplos.




As jy 'n klagte het, skakel met die senior staatsaanklaer by die betrokke hof. As die plaaslike aanklaerskantoor egter nie die verwagte aandag aan die klagte gee nie, skakel die hoofaanklaer in die gebied. As die klagte steeds nie bevredigend gehanteer word nie, skakel die direkteur van Openbare Vervolging in die gebied. Hy of sy sal 'n onafhanklike ondersoek instel. As die klagte dan nog nie bevredigend gehanteer is nie, nader die nasionale direkteur van Openbare Vervolging (kontakbesonderhede in hoofstuk 6).

As die klagte steeds nie bevredigend gehanteer is nie, nader die Kantoor van die Openbare Beskermer (kontakbesonderhede in hoofstuk 6).

Let egter daarop dat dié kantoor net met klagtes oor administratiewe optrede genader kan word. Die Kantoor van die Openbare Beskermer kan kragtens wet nie besluite van die hof ondersoek nie.

*Die howe*

As die klagte oor die optrede van 'n voorsittende beampte handel, skakel





die geregtelike hoof van die distrik. Die adres en telefoonnommer is beskikbaar by die plaaslike landdroskantoor. Indien jy ontevrede is met die reaksie van die geregtelike hoof, skakel die geregtelike groepshoof van die bepaalde streek.

As die klagte oor 'n streekhof handel, skakel die streekhofpresident van die betrokke gebied. Die adres en telefoonnommer is beskikbaar by die plaaslike landdroskantoor.

As die klagte oor 'n regter van die hoë hof handel, skakel die regter-president van die betrokke afdeling. Die adres en telefoonnommer is beskikbaar by die plaaslike landdroskantoor of die hoë hof.

As jy ontevrede is met die reaksie, skryf aan die Landdrostekommissie as die klagte oor 'n landdroshof handel, of aan die Regterlike Dienskommissie as die klagte oor 'n hooggeregshof handel. As die klagte steeds nie tot jou tevredenheid gehanteer word nie, nader die Kantoor van die Openbare Beskermer.

Indien die klagte oor hofpersoneel handel, byvoorbeeld klerke of tolke, skakel die hofbestuurder. As jy ontevrede is met die reaksie van die hofbestuurder, kan jy aan die direkteur van hofdienste of die direkteur-generaal van die Departement van Justisie skryf.

*Tel alle vee gereeld en hou 'n gekontroleerde register by*

HOOFSTUK 5

# ANDER TOEPASLIKE WETGEWING

05

Die Wet op die Identifikasie van Diere en die Wet op Veediefstal is die twee wette wat algemeen met veediefstal geassosieer word. Daar is ander wette wat ook oortree word wanneer vee gesteel word, soos die Omheiningswet (Wet 31 van 1963) en die Wet op Oortreding (Wet 6 van 1959). Boere moet kennis dra van die inhoud van hierdie wetgewing en die addisionele oortredings ingevolge hierdie wette wat by die klagstaat van die veedief gevoeg kan word.

## 5.1 SKUTWET

Skutwette is tans 'n provinsiale aangeleentheid en elke provinsie het sy eie wet. Omdat munisipaliteite regstreeks daardeur geraak word, geld ordonnansies in die verskillende provinsiale en munisipale regulasies.


Kli k op hierdie QR-kode vir die voorgestelde Nasionale Skutwetsontwerp (kennisgewing 398 van 2013).

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het die Nasionale Skutwetsontwerp op 18 April 2013 vir kommentaar gepubliseer.

Die doel van die beoogde wet is om nasionale norme en standaarde te bepaal vir die bedryf van skutgeriewe en die skut van diere. Die RPO het 'n werkgroep saamgestel om kommentaar op die wetsontwerp te lewer. Die kommentaar is ook aan affiliasies van AgriSA voorsien vir verdere oorweging. Alle rolspelers se kommentaar is aan die departement voorsien vir oorweging.

### Vreemde vee op plaas

Indien 'n grondeienaar vreemde vee op sy plaas vind, is die eienaar van die vee gewoonlik aanspreeklik vir enige skade wat hulle veroorsaak deur daar te wei, selfs as daar geen nalatigheid betrokke is nie. Die eienaar van die vee is aanspreeklik selfs al het die diere toegang verkry deur



die nalatigheid van 'n derde persoon, byvoorbeeld iemand wat die hek na 'n naburige eiendom oopgelaat het.

Sulke diere mag nie vir langer as 48 uur nadat jy hulle opgemerk het, op jou eiendom bly tensy jy 'n skriftelike kennisgewing aan die dier se eienaar gestuur het of, indien jy nie weet wie die eienaar is nie, die naaste skutmeester in kennis gestel het nie. Jy mag nie die dier verkoop nie. As jy dit doen, kan die eienaar die waarde van die dier van jou verhaal asook die skade wat hy gely het as gevolg van die verkoop. Jy sal ook aan 'n misdryf skuldig wees.

Indien jy diere van buite Suid-Afrika op jou eiendom vind, moet jy die diere isoleer en die staat se veeartsenydienste in kennis stel, wat aan jou sal voorskryf wat om met die diere te doen.

Enigiemand wat 'n dier aan die skutmeester lewer, is geregtig op 'n fooi vir die aanjaag of vervoer van die dier, soos uiteengesit in die provinsiale ordinansies. Indien een van jou werknemers die dier na die skut neem, stuur 'n nota saam wat die dier beskryf en jou werknemer magtig om dit aan die skutmeester te oorhandig.

Die skutmeester kan die voorgeskrewe vervoerkoste, skutgelde en ander uitgawes om die dier te ent, dip of te behandel, verhaal voordat 'n geskutte dier vrygelaat word.

As 'n dier nie opgeëis word nie, kan die skutmeester dit per openbare veiling vir kontant verkoop.



### Loslopende diere

Groot probleme word ook met loslopende diere ondervind, veral op strate en langs paaie. Die grootste bekommernis is die motorongelukke wat hierdie diere veroorsaak, wat kan lei tot lewensverlies en groot skade aan voertuie. Soms betree hierdie diere ook mense se persele en beskadig plante en selfs voertuie.

Die Veediefstaleenheid mag op hierdie loslopende diere beslag lê en hulle na 'n skut neem. Die eienaars moet 'n bedrag betaal om die diere terug te kry. Nie alle dorpe se munisipaliteite het egter skutkrale nie.

Vee-eienaars moet veewagters aanstel wat te alle tye na hul diere kan kyk. Streng boetes kan aan skuldige eienaars uitgereik word indien die loslopende diere as hul eiendom geïdentifiseer word.

## 5.2 WET OP OORTREDING

Klik op hierdie QR-kode vir die volledige Wet op Oortreding (Wet 6 van 1959).

In terme van die Wet op Oortreding is 'n betreder 'n persoon wat onregmatig en sonder toestemming op iemand anders se grond teenwoordig is. So 'n persoon maak hom of haar skuldig aan 'n kriminele oortreding.

Iemand wat 'n wettige rede het om op iemand anders se eiendom te wees, kan nie skuldig bevind word van betreding nie – selfs al is hy of sy daar sonder die eienaar se toestemming. Daarom kan iemand wat goedere aflewer, 'n verteenwoordiger of iemand wat navraag doen oor aanwysings, nie 'n oortreder wees nie. Die Wet op Oortreding maak nietemin voorsiening vir die vervolging om te bewys dat die beskuldigde die eiendom betree het sonder toestemming. Die persoon in die beskuldigdebank moet 'n wettige rede vir sy teenwoordigheid kan voorsien.

Vee-eienaars moet seker maak dat persone wat van veediefstal aangekla word, ook aangekla word van onwettige betreding. Die straf vir hierdie oortreding is 'n boete van hoogstens R2 000 of tronkstraf van hoogstens twee jaar, of beide.

## 5.3 OMHEININGSWET




Klik op hierdie QR-kode vir die volledige Omheiningswet (Wet 31 van 1963).

Ingevolge die Omheiningswet is die volgende 'n misdryf:

- As iemand 'n hek in 'n heining oopmaak en dit ooplaat of los laat bly, of as so 'n persoon 'n hek wat hy oop aantref as hy daar deurgaan, nie toe- en vasmaak nie (artikel 22).
- As iemand deur of oor 'n hek of heining klim of kruip sonder die toestemming van die eienaar of huurder van die grond waarop dié heining of hek geleë is (artikel 23).
- As iemand 'n hek of heining opsetlik beskadig of verwyder (artikel 24).

Vee-eienaars moet seker maak dat persone wat aangekla word van veediefstal ook aangekla word van oortreding van die Omheiningswet. Hulle kan 'n boete van hoogstens R50 of tronkstraf van drie maande opgelê word. Iemand wat aan 'n tweede of opeenvolgende oortreding skuldig is, kan tot tronkstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word.



## 5.4 DIEREBESKERMINGSWET

In baie gevalle van veediefstal word die diere vermink of wreed behandel. Dit is uiters noodsaaklik dat vee-eienaars daarop moet aandring dat verdere klagtes in terme van die betrokke wetgewing by klagstate gevoeg word. Sien 3.5 vir meer besonderhede.

## 5.5 WET OP DIE AANPASSING VAN BOETES

Verskeie van die ouer stelle wetgewing se strafbepalings met betrekking tot boetevonisse is nog nooit hersien of aangepas om tred te hou met die huidige ekonomiese klimaat nie. Sommige boetes wat voorgeskryf word, is totaal onvanpas en pas nie aan by die erns van die misdryf nie. Met die toepassing van die bepalings van die Wet op die Aanpassing van Boetes (Wet 101 van 1991) kan 'n regter of landdros in strafregtelike sake 'n swaarder boetevonnis oplê as wat byvoorbeeld deur die betrokke wet ingevolge waarvan die beskuldigde vervolg word, voorgeskryf word.

## 5.6 ONWETTIGE JAG MET HONDE

Onwettige jag met honde kom al hoe meer voor. Onwettige jagters betree eiendom en beskadig heinings en hul honde val vee sowel as wild aan. Grondeienaars is gefrustreerd omdat hulle sukkel om sulke oortreders aan die pen te laat ry. Grondeienaars en jagters is nie vertroud met die regte van grondeienaars nie.

Dit wil voorkom asof die polisie ook nie altyd op hoogte van die wetgewing is nie. Veral die Omheiningswet (Wet 31 van 1963) en onwettige betreding is ter sprake. Omdat die polisie nie die regte



van 'n grondeienaar ken nie, kan hulle nie bepaal of 'n oortreding begaan word wanneer persone sonder toestemming met honde jag nie. Dit word vererger deurdat aanklaers en landdroste skynbaar ook nie met grondeienaars se regte vertroud is nie.

Onwettige jagtogte vind gewoonlik plaas op private eiendom, spesifiek wanneer die grondeienaar weg is. Dit kan dui op betrokkenheid van werknemers. In baie gevalle word die veld vooraf gebrand sodat dit oop is. Wanneer die gras weer begin groei, word diere soontoe gelok en is hulle maklike prooi vir jag met honde.

Grondeienaars wat kla of teen onwettige jagters optree, word geviktimiseer. Hul weiding word ook jaarliks afgebrand sodat hulle nie weiding vir hul vee het nie. Tradisionele jag mag wel plaasvind wanneer die nodige toestemming verleen is en beheer uitgeoefen word. Jagters met honde mag egter nie op 'n plaas opdaag en vir die pot jag nie.

Ook sogenaamde taxi-jag, wat op 'n georganiseerde grondslag plaasvind, is onwettig. In dié gevalle word tot 60 honde met taxi's aangery om saam met jagters wild en lewende hawe te stroop. Dobbelary is die hoofmotivering agter onwettige jag met honde. Die eienaar van die hond wat die eerste dier plattrek, is die wenner. Die honde is egter nie selektief wanneer hulle jag nie en bedreigde spesies bly dikwels in die slag.

Indien 'n grondeienaar 'n bewys het van onwettige jag op sy grond, kan hy die oortreders laat aankeer. Sulke eienaars moet soveel moontlik bewyse soos foto's en verklarings van getuies kry, ten einde die arrestasies te regverdig en vervolging te verseker. Die distrikbewaringsbeamptes kan ook gekontak word vir hulp. Waar grondeienaars die jagters op heterdaad betrap, is hulle dikwels in die minderheid en is dit onwaarskynlik dat die grondeienaar die jagters sal arresteer. Indien die polisie ontbied word, het die jagters en hul honde reeds gevlug wanneer die polisie by die toneel opdaag.

Onwettige jag met honde kom neer op vee- en wilddiefstal, wat deur die howe as 'n ernstige oortreding beskou word. Dien 'n formele klag by die SAPD in, maar kry alle bewyse agtermekaar om die SAPD en die aanklaer te oortuig om aan te kla.

Die wetgewing wat van toepassing is op die onwettige jag met honde is dikwels moeilik om te interpreteer. Die belangrikste boodskap is egter dat jag met honde en oortreding op private eiendom onwettig is en oortreders vervolg kan word.



*Raak aktief betrokke by ondersoeke na die bekamping van veediefstal*

HOOFSTUK 6


# VOORKOMING VAN VEEDIEFSTAL

06

Veediefstal kan op verskillende maniere bekamp word. Vee-eienaars kan self sorg dat die diefstalrisiko op hulle eiendom verminder word. Die veediefstalvoorkomingsforums en inligtingsentrums verdien ook die ondersteuning van elke vee-eienaar.

## 6.1 VEILIGHEIDSWENKE

- Gaan alle heinings en hekke gereeld na en hou hulle in stand om vee te beskerm.
- Stel 'n opgeleide werknemer aan om die heinings daagliks te patrolleer, wat ook kan verseker dat gate in en onder heinings onmiddellik herstel word. Inspekteer self hierdie herstelwerk.
- Hou laaibanke in kampe of plekke op die plaas waar daar nie direkte toesighouding is nie, altyd gesluit of sorg dat hulle uit die oog is.
- Indien jy dit oorweeg om nog 'n plaas te koop, is dit beter as dit naby die bewoonde plaas is. Onthou – ver van jou goed, naby jou skade.
- Sorg dat gesteelde vee nie op jou eiendom versteek kan word nie. Veeposte is 'n ideale oornagplek om gesteelde vee weg te steek. Indien onbekende vee by 'n veepos opgemerk word, rapporteer dit onmiddellik aan die SAPD.
- Tel minstens een keer 'n week self jou vee by veeposte.
- Indien werknemers by veeposte self ook diere besit, is dit goed as die diere meng en saam wei. Dit is 'n goeie voorkomingsmaatreël, veral as jy vermoed dat werknemers betrokke is by voorvalle van veediefstal.
- Wees veral bedag tydens volmaan, naweke en aan die begin of einde van 'n maand, of gedurende tydperke waarvan jy vanuit eie ondervinding weet dat veediefstal (veral vir potslagtings) plaasvind.
- Rapporteer onbekende diere tussen jou eie onmiddellik aan die SAPD en jou bure.
- Meld alle voorvalle van veediefstal op



jou eiendom dadelik aan. Hoe langer die vertraging, hoe minder is die waarskynlikheid van suksesvolle vervolging.

- Dit is belangrik om diere gereeld bymekaar te jaag en te tel. As dit nie moontlik is om vee elke dag te tel nie, probeer om ten minste twee keer 'n week te tel en dan ook op ongereelde dae. Vermy roetine, veral by veeposte, omdat werknemers dalk informante vir veediewe kan wees. Minder vee of tekens wat moontlike veediefstal aandui, moet onmiddellik aangemeld word. Tel persoonlik jou eie vee. Moenie die telwerk of aanmeld van klagtes aan werknemers oorlaat nie.
- Wanneer nuwe mense aansoek doen om werk, doen navraag by vorige werkgewers om die werklike rede vir diensverlating vas te stel. Rig ook 'n navraag aan die SAPD om vas te stel of die aansoeker 'n kriminele rekord het en indien wel, wat die aard van die rekord is.
- Lei jou werknemers op om bedag te wees op ongerymdhede. Versoek werkers om versigtig te wees wat hulle voor vreemdelinge oor aktiwiteite op die plaas sê. Inligting kan só in die hande van veediewe beland.
- Lig die Veediefstaleenheid in wanneer spekulante en kopers van huide en bene of veehandelaars van naburige lande in die area werk. Hou deeglik rekord van alle voornemende veehandelaars sodra hulle met onderhandelinge begin.
- 'n Deeglike veeregister is absoluut noodsaaklik. Skryf soveel moontlik detail neer en hou die register self op datum.
- Moet nie leeglêery op die plaas toelaat of werklose persone toelaat om op die plaas te bly nie. Vreemdelinge op die plaas of besoekers van werknemers moet eers toestemming van die eienaar kry. Implementeer 'n beheerstelsel vir besoekers; teken alle besonderhede van besoekers aan die plaas aan, wie hulle besoek en wanneer hulle vertrek.
- As jou plaas op die landsgrense is, moenie betrokke raak by onwettige handel met burgers van naburige lande nie, byvoorbeeld deur jou weidingskampe te





verhuur. Indien jy nie die regte stappe volg nie, kan dit die ideale klimaat vir veediefstal en ander misdade skep.

- Veediefstalsake word dikwels geskrap weens 'n gebrek aan belangstelling; sommige klaers wil ook nie die hofverrigtinge bywoon nie. Stel belang in opgeloste sake en woon alle hofsake by.
- Werk saam met die plaaslike SAPD en Veediefstaleenheid, en nie teen hulle nie. Ondersteun hulle in al hul pogings om jou te help.

## 6.2 VEEDIEFSTALVOORKOMINGS-FORUMS

Die RPO het veediefstalvoorkomingsforums op nasionale en provinsiale vlak gestig om veediefstal die hoof te bied. Die forums werk volgens 'n redelik eenvormige stel huisreëls.

Die forums se hoofdoel is om 'n verteenwoordigende struktuur in die georganiseerde landbou se stryd teen veediefstal te vorm. Lede sluit in verteenwoordigers van die kommersiële en opkomende veeprodusente-organisasies, SAPD (veediefstaleenhede ingesluit), Korrektiewe Dienste, die Suid-Afrikaanse Weermag, die Nasionale Vervolgingsgesag sowel as die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye.

Sake wat verband hou met veediefstal word verkieslik op provinsiale vlak gehanteer. Provinsiale rolspelers word aangemoedig om oplossings te vind en voorkomende maatreëls in plek te stel om veediefstal doeltreffend te bekamp. Sake wat nie op provinsiale vlak opgelos kan word nie of sake van nasionale belang word na die nasionale forum verwys.

Die forums doen alles in hul vermoë om veediefstal en verwante misdade te voorkom en te bestry. Hulle voer ondersoeke uit en handel volgens die bevindings. Omdat voedselsekerheid in die land so belangrik is, ondersteun die forums veeboere sover moontlik.

Die forums se werksaamhede behels die volgende:

- Evalueer bestaande beleid, wetgewing, strategieë en prosedures vir die bestryding en voorkoming van veediefstal en beveel aanpassings aan. Hulle maak ook aanbevelings ten opsigte van wetstoepassing en strafoplegging vir veediefstal.
- Beveel stappe aan wat veeboere teen verliese deur veediefstal kan beskerm, gegrond op die resultate van voorkomings- en bestrydingsaksies en inligting oor die voorkoms en neigings van veediefstal.
- Identifiseer navorsingsbehoeftes en aspekte wat voorrang moet kry. Sulke navorsingsbehoeftes word oorgedra aan erkende instansies soos die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye, die Landbounavorsingsraad, die Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad, universiteite en ander wetenskaplike groepe wat die nodige navorsing kan doen.
- Versamel verslae oor navorsingsprojekte, veediefstalneigings asook voorkomings- en bestrydingsaksies en bring dit onder belanghebbendes se aandag.
- Werk saam met enige aanvaarbare organisasie of liggaam waardeur die doelstellings van die Veediefstalforum en die belange van veeboere bevorder kan word.

Die nasionale Veediefstalvoorkomingsforum het onlangs daarin geslaag om opleidingskursusse in die bekamping van veediefstal vir staatsaanklaers te laat instel. Verder het verskeie provinsiale forums deelgeneem aan die opstel van provinsiale skutwette en gepaardgaande regulasies. Die nasionale forum maak ook gebruik van regskenners binne die RPO om kommentaar te lewer op konsepwetgewing wat direk verband hou met die polisiëring, ondersoek en vervolging van veediefstalsake.

Daar is verskeie brandpunte wat 'n negatiewe invloed op die bekamping van veediefstal het. Eerstens is daar nog steeds produsente, insluitend dié in kommunale gebiede, wat nie hul vee ingevolge die bepalings van die Wet op die Identifikasie van Diere (Wet 6 van 2002) brandmerk of tatoeëer nie. Dié nalatigheid aan die kant van die produsente verminder die kanse op die suksesvolle strafregtelike vervolging van veediewe. Indien die Nasionale Vervolgingsgesag nie bo redelike twyfel kan bewys wie die eienaar van die vee is nie, moet die beskuldigde die voordeel van die twyfel kry. Nie net sal hy of sy op die aanklag vrygespreek word nie, maar daardie gesteelde vee sal waarskynlik aan die beskuldigde teruggegee moet word. Produsente hou dikwels ook nie noukeurige rekord van veegetalle nie en veegetalle word nie gereeld gekontroleer nie.

Interne polisie-instruksies bepaal dat lede van die Gemeenskapsdienssentrum die eerste afgifte van misdaad moet hanteer. Baie van die polisielede is totaal onkundig oor die bewaring van misdaadtonele en wat vereis word wanneer 'n veediefstaltoneel besoek word. Waardevolle inligting en getuienis gaan dikwels verlore.

Daar bestaan in sommige gevalle gebrekkige vertrouensverhoudinge tussen produsente en veediefstalondersoekbeamptes. Dit is grootliks te wyte aan 'n gebrek aan behoorlike kommunikasie en is dikwels op verkeerde persepsies gebaseer.

Die suksesvolle vervolging van veediefstalsake ly ook by howe skipbreuk, eerstens omrede sommige staatsaanklaers weinig of geen ondervinding van sulke sake het nie. Tweedens word die regte van slagoffers soos verskans in die Slagoffershandves deur sommige polisiebeamptes en staatsaanklaers misken.

Dit is egter belangrik om te besef dat alhoewel slagoffers van misdaad sekere regte het, hulle ook verantwoordelikhede het. Net omdat jy skade gely het, gee dit jou nie die reg om oneerbiedig op te tree nie. Doen eerder moeite om verhoudings met amptenare te bou.



## 6.3 VEEDIEFSTALINLIGTINGSENTRUMS

Dit is noodsaaklik dat vee-eienaars en rooivleisprodusente meer aktief betrokke moet raak by ondersoeke en bekamping van veediefstal. Een van die doeltreffendste wyses

waarop produsente meer inspraak kan verseker in ondersoeke en suksesvolle vervolgings, is die stigting van veediefstalinligtingsentrums (VIS) in hul distrikte.

Produsente is traag om veediefstalinligtingsentrums in hul onderskeie landdrosdistrikte op die been te bring. Produsente, polisiebeamptes en staatsaanklaers kan deur dié sentrums informeel met mekaar skakel, beter kommunikeer en saamwerk. Produsente kan dan direk inspraak kry in die ondersoek en suksesvolle vervolging van hul veediefstalsake.

Die oorkoepelende doelstelling van so 'n sentrum is om 'n verteenwoordigende struktuur van onder andere vee-eienaars in 'n distrik te vorm. Hulle kan dan saamspan om veediefstal hok te slaan deur ondersoeke uit te voer en bevindings te deel, en met mekaar te skakel en te onderhandel. Sodoende word die produksie van vleis en ander veeprodukte beveilig.

Volgens die nasionale instruksies is dit verpligtend dat die bevelvoerder van 'n veediefstaleenheid in samewerking met vee-eienaars in sy/haar bedieningsgebied 'n VIS moet stig indien die vee-eienaars dit versoek.

Die VIS help om vee-eienaars te motiveer om betrokke te raak by die voorkoming van veediefstal en die verskerping van hul eie sekuriteit op verskeie maniere:

- Versamel inligting oor die voorkoms van veediefstal, verdagte persone en misdaadtendense in hul omgewing en distrik en dra dit oor aan die SAPD en veediefstaleenhede.
- Ontvang inligting oor veediefstal, verdagte persone en misdaadtendense in hulle omgewing en distrik van die polisie en veediefstaleenhede.
- Ruil inligting uit oor verdagte persone, misdaadtendense en die voorkoms van veediefstal met ander veediefstalinligtingsentrums en veediefstaleenhede.
- Help om eienaarskap van lewende hawe te bepaal in gevalle waar die identifikasie moeilik is.
- Bekamp veediefstal deur met ander vee-eienaars en die polisie te skakel, deur deel te neem aan misdaadvoorkomingspatrollies en vergaderings oor veediefstal.
- Wys ernstige misdaadtendense rakende veediefstal in die gemeenskap uit, identifiseer probleemareas en areas waar veediefstal vermoed word en help operasionele planne beraam om hierdie misdaad te bekamp.
- Skakel voortdurend met ondersoekbeamptes en staatsaanklaers om tekortkominge in hul aangemelde sake reg te stel en skuldigbevindings te verseker. Staatsaanklaers kan 'n leidende rol speel deur opleiding te verskaf oor wetgewing en hofprosedures.
- Skenk aandag aan klagtes of geïdentifiseerde probleme wat ontvang word van



veediefstalinligtingsentrums, distrik-landbou-unies, boereverenigings, die polisie of enige ander besigheid of organisasie wat hom besig hou met die handel, slag of vervoer van vee en produkte. Waar nodig kan die veediefstalinligtingsentrums help om geïdentifiseerde probleme op te los of 'n herhaling daarvan te voorkom.

'n VIS moet uit die volgende rolspelers bestaan:

- vee-eienaars en produsente
- bevelvoerder van die veediefstaleenheid of 'n aangewese ondersoekbeampte vir die betrokke gebied of distrik
- 'n staatsaanklaer in die landdrosdistrik waar die VIS gestig is
- die stasiekommissaris(se)
- enige persoon wat die VIS van raad kan bedien oor veediefstalkwessies
- afslaers en voerkraalverenigings
- verteenwoordigers van staatsdepartemente wat van tyd tot tyd deur die VIS gekoöpteer word.

Die lede van boereverenigings en distrik-landbou-unies nomineer en verkies die voorsitter, vise-voorsitter en sekretaris van die VIS. Notules van vergaderings moet noukeurig gehou word en afskrifte moet aan die provinsiale veediefstalvoorkomingsforums gestuur word. Die VIS werk nou saam met die veediefstalvoorkomingsforum in die betrokke provinsie.

Probleme en situasies wat nie suksesvol deur die VIS hanteer kan word nie, moet skriftelik na die provinsiale veediefstal-voorkomingsforum verwys word, en die VIS moet terugvoering ontvang. Alle inligting wat die VIS ontvang, behoort as vertroulik gehanteer te word. Sensitiewe inligting oor veediefstalverwante sake moet liefs nie in notules vermeld word nie.



## 6.4 KONTAKBESONDERHEDE

### RPO-kantore

*Nasionale kantoor*
Quinton Brandstraat 2
Eulophia Corner (Eenheid 22)
PERSEQUOR PARK
Posbus 132 PERSEQUOR PARK 0020
Tel: 012 349 1102/3/6
Faks: 012 349 1054
E-pos: admin@rpo.co.za

*Provinsiale kantore*
Besoek www.rpo.co.za vir kontakbesonderhede van provinsiale RPO-kantore.

### Veediefstalvoorkomingsforums

Skakel die nasionale en provinsiale RPO-kantore vir kontakbesonderhede van die nasionale en provinsiale Veediefstalvoorkomingsforums.

### Veediefstaleenhede

*Hoofkantoor: Veediefstaleenheid*
SAPD Hoofkantoor
Koedoe-gebou, Pretoriusstraat 236, PRETORIA
Privaatsak X94 PRETORIA 0001
Tel: 012 393 1196/9
Faks: 012 393 1548
stuhoops@saps.org.za/stuhoresearch@saps.org.za

*Kontakbesonderhede van provinsiale Veediefstaleenhede soos verskaf deur die hoofkantoor van die Veediefstaleenheid. Vir enige navrae kontak die hoofkantoor, sien bladsy 69.*

## Gauteng

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 016 450 2272/7/8 | 016 450 2280 |
| CULLINAN | 012 734 7100/01 | 012 734 2107 |
| VEREENIGING | 016 450 2279/5/6/7/8<br>016 450 2272/3/4 | 016 450 2280 |

## KwaZulu-Natal

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 031 325 5940 | 031 325 4973 |
| BERGVILLE | 036 448 9444/3 | 036 448 9439 |
| ESTCOURT | 036 342 9537/8 | 036 342 9539 |
| IMPENDLE | 033 702 0604 | 033 702 0604 |
| PIETERMARITZBURG | 033 845 8606/11 | 033 845 8612 |
| HIMEVILLE | 033 701 1178<br>033 701 1338 | 033 701 1219 |
| LADYSMITH (KZN) | 036 638 2585/80<br>036 638 2590 | 036 638 2581 |
| NEWCASTLE | 034 331 2300<br>034 375 5232 | 086 751 6456<br>034 314 6317 |
| GLENCOE | 034 932 9886/93 | 034 932 9898 |
| HLUHLUWE | 035 562 4308/10 | 035 562 0734 |
| KWA-MBONAMBI | 035 580 4512/3<br>035 580 8069 | 035 580 4125 |
| MELMOTH | 035 874 0280/76 | 035 874 0278 |
| NONGOMA | 035 836 1031/4/6<br>035 836 1038/6 | 035 836 1036 |

| | | |
|---|---|---|
| NQUTU | 034 271 4300/05<br>034 271 0326 | 034 271 4307 |
| KOKSTAD | 039 727 8026/5/4 | 039 727 8028 |
| VRYHEID | 034 989 6800/06<br>034 989 6811 | 034 989 6823 |
| GREYTOWN | 033 413 9062/4 | 033 417 1316 |

## Limpopo

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 015 290 6825 | 015 290 6997 |
| MAKHADO | 015 519 4384/3/8 | 015 519 4389 |
| POLOKWANE | 015 290 6996 | 015 290 6997 |
| LEBOWAKGOMO | 015 633 1076<br>015 633 1306 | 015 633 1110<br>015 633 1436 |
| MODIMOLLE | 014 718 1031<br>015 409 1244 | 014 718 1032 |
| MAAKE | 015 355 8386/73/06 | 015 355 8370 |
| MARBLE HALL | 013 261 1133/4 | 013 261 11334 |
| MUSINA | 015 534 7417/2 | 015 534 7413 |
| GIYANI | 015 8115137/8 | 015 811 5100 |

## Mpumalanga

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 013 762 4416 | 013 762 4771 |
| BETHAL | 017 647 9917/8 | 017 647 3320 |
| ERMELO | 017 819 5805/6/7 | 017 819 5829<br>086 759 9718 |
| STANDERTON | 017 712 9309/4 | 017 712 9335 |

| | | |
|---|---|---|
| WAKKERSTROOM | 017 730 0040/1 | 017 730 0507 |
| PIET RETIEF | 017 826 1321 | 017 826 2708 |
| MIDDELBURG (MP) | 013 243 5558 | 013 243 5570 |
| TONGA | 013 792 5700 | 013 792 5704 |
| SIYABUSWA | Geen telefoonlyne | 013 947 2170 |

## Noord-Kaap

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 053 839 2818 | 053 833 5210 |
| DE AAR | 053 632 9623/5<br>053 632 9500 | 053 631 3522 |
| KIMBERLEY | 053 861 3425 | 053 861 2280 |
| POSTMASBURG | 053 313 9315 | 053 313 0787 |
| UPINGTON | 054 337 3461/56 | 054 332 3027 |
| KURUMAN | 053 712 9900<br>053 479 7086 | 053 712 9900/06 |
| CALVINIA | 027 341 1015 | 027 341 1856 |
| SPRINGBOK | 027 718 9114<br>027 421 7764 | 027 718 1254<br>027 718 9104 |

## Noordwes

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 018 299-7825<br>018 299-7065 | 018 299-7151 |
| PHOKENG | 014 566-1736 | 014 566-1780 |
| JERICHO | 012 729 3271 | 012 729 1062 |
| LEHURUTSHE | 018 363 3820/5 | 018 363 3752 |
| SANNIESHOF | 018 683-8131 | 018 683-0037<br>018 683 8113 |

| | | |
|---|---|---|
| STILFONTEIN | 018 484 7695<br>018 484 7703 | 018 484 1847 |
| MAHIKENG | 018 397 4115/2/1<br>018 397 4313/4111 | 018 397 4112<br>018 397 4019 |
| VRYBURG | 053 928 8700 | 053 928 8714/3 |

## Oos-Kaap

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 040 608 7393/84 | 040 608 7490<br>040 608 8476 |
| ALIWAL-NOORD | 051 633 2167/8 | 051 634 1608/29 |
| BARKLY-OOS | 045 971 0199 | 045 971 0146 |
| ELLIOT | 045 931 1481 | 045 931 1790 |
| STERKSPRUIT | 051 611 9200/41/43 | 051 611 0034/23 |
| MALUTI | 039 256-4686/7 | 039 256 4686/8<br>039 256 4690/1 |
| FLAGSTAFF | 039 252 0108 | 039 252 0178 |
| MTHATHA | 047 505 5117/5/8 | 047 505 5116 |
| GRAAFF-REINET | 049 807 1134/6 | 049 891 0145 |
| SOMERSET-OOS | 042 243 2325 | 042 243 2772 |
| GRAHAMSTAD | 046 622 8293/4/7 | 046 622 8309 |
| JEFFREYSBAAI | 042 200 7000 | 042 200 7018 |
| UITENHAGE | 041 996 3340 | 086 567 3749<br>041 996 3353 |
| QUEENSTOWN | 045 839 4431 | 045 839 4433 |
| OOS-LONDEN | 043 707 7300/1 | 043 731 2410 |
| KING WILLIAMSTOWN | 040 608 2432/4/5 | 040 635 1794 |
| QUMBU | Wag vir telefoonlyne | 040 505 5116 |
| CRADOCK | 048 881 3283<br>048 881 3369<br>048 801 7309 | 048 881 1182 |

| | | |
|---|---|---|
| BUTTERWORTH | Wag vir telefoonlyne | |
| TSOLO | 047 542 0003 | 047 542 0017 |

## Vrystaat

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 051 507 6633<br>051 507 6933/26 | 051 507 6923<br>086 648 8181 |
| BETHULIE | 051 763 7400/03 | 051 763 7405/1<br>051 763 7506/32 |
| WEPENER | 051 5831337 | 051 583 1580 |
| PARKWEG | 051 433 1914/6/9 | 051 433 1920 |
| FOURIESBURG | 058 223 7200 | 058 223 7202 |
| KESTELL | 058 653 1235/43 | 058 653 1276 |
| LADYBRAND | Nuwe kantoor - geen telefoon | 051 923 4026 (stasie) |
| PHUTHADITJHABA | 058 718 3100/02 | 058 718 3105 |
| VREDE | 058 913 2392 | 058 913 2366<br>086 540 9296 |
| HEILBRON | 058 853 5235 | 058 853 0617 |
| BULTFONTEIN | 051 853 1222 | |
| ODENDAALSRUS | 057 916 2410 | |

## Wes-Kaap

| Veediefstaleenheid | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| KOÖRDINEERDER | 021 467 8253 | 021 467 6329 |
| BEAUFORT-WES | 023 414 8569/8 | 023 414 8570 |
| OUDTSHOORN | 044 203 9066<br>044 203 9113 | 044 203 9158<br>044 203 9060 |
| MALMESBURY | 022 482 7021 | 022 482 7027 |
| SWELLENDAM | 028 514 8360/1/2 | 028 514 8371 |

## Registrateur van Diere-identifikasie

Delpen-gebou, h/v Annie Bothalaan en Unionstraat, Riviera PRETORIA

Privaatsak X138 PRETORIA 0001
Tel: 012 319 6000
Faks: 012 319 7551

## Nasionale Vervolgingsgesag

VGM-gebou (h/v Westlake en Hartley), Westlakelaan 123, Weavind Park, Silverton PRETORIA

Privaatsak X752 PRETORIA 0001
Hoofkantoor tel: 012 845 6000

Algemene navrae: communication@npa.gov.za
E-posse gaan direk na die kommunikasie-eenheid wat die navraag so spoedig moontlik hanteer of dit verwys na die relevante kantoor of eenheid.

## Direkteur van Openbare Vervolging

*DOV Noord-Gauteng*
Privaatsak X300 PRETORIA 0001
Tel: 012 351 6700/2
Faks: 012 323 0866

*DOV Suid-Gauteng*
Privaatsak X8 JOHANNESBURG 2000
Tel: 011 220 4122
Faks: 011 220 4232

*DOV Noordwes*
Privaatsak X2009 MMABATHO 2735
Tel: 018 381 9001/2
Faks: 018 381 9033

*DOV Vrystaat*
Privaatsak X20506 BLOEMFONTEIN 9300
Tel: 051 410 6000/6146
Faks: 051 448 2671

*DOV Noord-Kaap*
Privaatsak X5037 KIMBERLEY 8300
Tel: 053 807 4500/4563
Faks: 053 832 9434

*DOV Wes-Kaap*
Privaatsak 9003 KAAPSTAD 8000
Tel: 021 487 7238
Faks: 021 487 7237

*DOV Port Elizabeth en Grahamstad*
Privaatsak X1009 GRAHAMSTAD 6140
Tel: 046 602 3001/2
Faks: 046 602 3062

*DOV Mthatha*
Privaatsak X5019 MTHATHA 5099
Tel: 046 501 2653/5
Faks: 046 501 2653


*DOV KwaZulu-Natal*
Privaatsak X9008 PIETERMARITZBURG 3200
Tel: 033 845 4400/5
Faks: 033 394 6891

## Kantoor van Openbare Beskermer

Die Openbare Beskermer ondersoek klagtes van die publiek teen staatsagentskappe en staatsamptenare.
Privaatsak X677 PRETORIA 0001
Tolvrye nommer: 0800 11 20 40
Kliëntediens: 012 366 7143
E-pos: customerservice@pprotect.org

## Onafhanklike Klagtedirektoraat

Die Onafhanklike Klagtedirektoraat ondersoek alle gevalle waar die polisie verkeerd opgetree het of inbreuk gemaak het op jou regte.
Tel: 012 392 0400
www.icd.gov.za



## Paroolrade

'n Slagoffer kan die paroolraad skakel by die korrektiewe sentrum naaste aan die hof waar die oortreder gevonnis is. Kontakbesonderhede kan ook verkry word by enige korrektiewe instelling, insluitende gemeenskapskorreksiekantore of in die plaaslike telefoongids.

Adresinligting is ook verkrygbaar op die webblad van die Departement van Korrektiewe Dienste by www.dcs.gov.za. Alternatiewelik kan die Departement van Korrektiewe Dienste gekontak word vir meer inligting:

Nasionale hoofkantoor
Privaatsaak X136
PRETORIA 0001
E-pos: communications@dcs.gov.za
Tel: 012 307 2278
Faks: 012 323 4942

| Provinsie | Telefoon |
|---|---|
| Gauteng | 012 420 0100 |
| Limpopo/Mpumalanga/Noordwes | 012 323 4818 |
| Vrystaat/Noord-Kaap | 051 404 0200 |
| Oos-Kaap | 043 706 7802 |
| KwaZulu-Natal | 033 355 7300 |
| Wes-Kaap | 021 550 6003 |

# BRONNELYS


**Crewe, R,** 2013. Die proses na misdaad. *Handleiding vir slagofferbemagtiging.* Afriforum, Pretoria. Beskikbaar by https://afriforum.co.za/wp-content/uploads/memo-plaasmoorde-afr.pdf soos op 15 Junie 2014.

**Departement van Justisie,** Suid-Afrika, 1962. Dierebeskermingswet, Wet 71 van 1962. Staatsdrukker, Pretoria. Beskikbaar by http://hopeful.ws/intro/files/AnimalProtectionAct.pdf soos op 15 Julie 2014.

**Departement van Justisie,** Suid-Afrika, 1977. Strafproseswet, Wet 51 van 1977. Staatsdrukker, Pretoria. Beskikbaar by http://www.justice.gov.za/legislation/acts/1977-051.pdf soos op 13 Julie 2014.

**Departement van Justisie,** Suid-Afrika, 1991. Wet op die Aanpassing van Boetes, Wet 101 van 1991. Staatsdrukker, Pretoria. Beskikbaar by http://www.justice.gov.za/legislation/acts/1991-101.pdf soos op 19 Julie 2014.

**Departement van Justisie,** Suid-Afrika, 1959. Wet op Oortreding, Wet 6 van 1959. Staatsdrukker, Pretoria. Beskikbaar by http://www.justice.gov.za/legislation/acts/1959-006.pdf soos op 30 Junie 2014.

**Departement van Justisie,** Suid-Afrika, 1959. Wet op Veediefstal, Wet 57 van 1959. Staatsdrukker, Pretoria. Beskikbaar by http://www.justice.gov.za/legislation/acts/1959-057.pdf soos op 2 Junie 2014.

**Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling,** Suid-Afrika, 2002. Dienshandves vir slagoffers van misdaad in Suid-Afrika. Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling. Beskikbaar by http://www.justice.gov.za/vc/docs/vc/2007%20Service%20charter%20afr.pdf soos op 4 Julie 2014.

**Departement van Korrektiewe Dienste,** Suid-Afrika. Slagofferbetrokkenheid by paroolrade. Departement van Korrektiewe Dienste. Beskikbaar by http://www.dcs.gov.za/docs/VictimInvolment/Afrikaans%20Victim%20Involvement%20in%20CSPBs.pdf soos op 27 Junie 2014.

**Departement van Landbou,** Suid-Afrika, 1963. Omheiningswet, Wet 31 van 1963. Staatsdrukker, Pretoria. Beskikbaar by http://www.plato.org.za/pdf/legislation/Fencing%20Act%2031%20of%201963.pdf soos op 2 Julie 2014

**Departement van Landbou,** Suid-Afrika, 2002. Wet op die Identifikasie van Diere, Wet 6 van 2002. Staatsdrukker, Pretoria. Beskikbaar by http://www.nda.agric.za/vetweb/Legislation/Other%20acts/Animal%20ID/Animal%20Identification%20Act%206%20of%202002.pdf soos op 26 Junie 2014.

**Departement van Landbou, Bosbou en Visserye,** Suid-Afrika, 2010. Infopak: Identifikasie van Diere. Departement van Landbou, Bosbou en Visserye. Beskikbaar by http://www.nda.agric.za/docs/Infopaks/AnimalidentityAfrik.pdf soos op 26 Junie 2014.

**Departement van Landbou, Bosbou en Visserye,** Suid-Afrika, 2013. Nasionale Skutwetsontwerp, Kennisgewing 398 van 2013. Staatsdrukker, Pretoria. Beskikbaar by www.gov.za/documents/download.php?f=188532 soos op 30 Junie 2014.

**Mapholi, N, Letuka, M, Mashilo, M & Maiwashe, A,** 2014. DNA forensics. *Red Meat/Rooivleis* April 2014, Vol 5 No 2.

**Nasionale Vervolgingsgesag,** 2008. Verstaan die strafregstelsel. Jacana Media, Melville. Beskikbaar by http://www.npa.gov.za/UploadedFiles/NPA_afr.pdf soos op 15 Julie 2014.

# INDEKS


**A**
Aankoop van vee 27
Aanmelding van veediefstal 33
Addisionele klagtes
- betreding 59, 61
- dieremishandeling 38, 61

Alternatiewe identifikasiemerke 15

**B**
Bemarking van diere 24
Bepalings
- gebiedend 7
- magtigend 7
- verbiedend 7

Betoog 49
Bewaring van toneel 32
Bewysstukke 32
Borgtog 44, 48
Brandmerke 18, 19
- vriesbrand 20
- warmbrand 20

**D**
Dierebeskermingswet 38, 61
Diere-identifikasiestelsel 13
Dieremishandeling 38, 61
Direkteur van Openbare Vervolging 56, 75
DNS-tegnologie 34

**E**
Eienaar van vee 28

**G**
Getuie in hof 47

**H**
Herverkoop van diere 24
Hofprosedure 48
Honde
- onwettige jag met 61

**I**
Identifikasiedokument 25
Identifikasiemerke 13
- alternatiewe metodes 15
- oordrag van 14
- registrasie van 13
- stoetdiere 15

Identifikasie van diere 12, 24

**K**
Kantoor van Openbare Beskermer 42, 56, 75
Kontakbesonderhede
- direkteur van openbare vervolging 75
- kantoor van openbare beskermer 75
- nasionale vervolgingsgesag 75
- onafhanklike klagtedirektoraat 75
- paroolrade 76
- registrateur van diere-identifikasie 75
- RPO-kantore 69
- veediefstaleenhede 69
- veediefstalvoorkomingforums 69

Kruisondervraging 48

**L**
Lettergroottes 18
Letters en simbole 22
Loslopende diere 59

**M**
MAS-nommer 33
Meganismes vir klagtes 55
Merkgids 20
Merkoperateurs 16

merkoperateurskursusse 17
registrasie van 17
rekords van 17
Merk van diere 12
alternatiewe metodes 15
beeste 18
kleinvee 18
onwettige 16
ouderdom 18
perde 18
posisie 19
stoetdiere 15
tatoeëring 19, 21
varke 18
volstruise 18
vorm, patroon en komposisie 18
vriesbrand 20
warmbrand 20
Minimumstandaarde 40
reg om inligting aan te bied 40
reg om inligting te ontvang 41
reg op beskerming 41
reg op billikheid en respek 40
reg op bystand 42
reg op herstel 51
reg op vergoeding 50

**N**

Nasionale Vervolgingsgesag 45, 75

**O**

Omheiningswet 60, 61
Onafhanklike Klagtedirektoraat 42, 75
Onbevredigende ondersoek 42
Onwettige merk van diere 16
Onwettige jag met honde 61
Oordrag van identifikasiemerk 14
Openbare Vervolging 56, 75

**P**

Paroolrade 53, 76
Persoon wat vee ontvang 26

**R**

Registrateur van diere-identifikasie 14, 17, 75
Registreer identifikasiemerk 13
Regte van slagoffers 45
reg om inligting aan te bied 40
reg om inligting te ontvang 41
reg op beskerming 41
reg op billikheid en respek 40
reg op bystand 42
reg op herstel 51
reg op vergoeding 50
Regulasies (artikel 18) 17
Rooivleisprodusente-organisasie (RPO)
nasionale kantoor 69
provinsiale kantore 69

**S**

Skutwet 58
loslopende diere 59
vreemde vee op plaas 58
Slagoffershandves 39, 45
minimumstandaarde 40
regte van misdaadslagoffer 40
Strafproseswet 44, 51, 52
artikel 297 50, 51
artikel 300 50, 52
Strafregstelsel 44

**T**

Tatoeëring 19, 21

**U**

Uitstel van hofsaak 50

**V**

Veediefstaleenhede
Gauteng 70
KwaZulu-Natal 70
Limpopo 71
Mpumalanga 71
nasionaal 69
Noord-Kaap 72
Noordwes 72
Oos-Kaap 73
Vrystaat 74
Wes-Kaap 74
Veediefstalinligtingsentrums 67

| | |
|---|---|
| Veediefstalinsident | 32 |
| Veediefstaltoneel | 32 |
| Veediefstalvoorkomingsforum | 66, 69 |
| Veiligheidswenke | 64 |
| Vergoeding | |
| reg op herstel | 51 |
| reg op vergoeding | 50 |
| vergoedingsbevele | 51 |
| Verklaring | 35 |
| voorbeeld | 36 |
| Verkoop van diere | 24 |
| Verwyderingsertifikaat | 28 |
| voorbeeld | 30 |
| Vonnis | 49 |
| Vreemde vee op plaas | 58 |
| Vriesbrand | 20 |


## W


| | |
|---|---|
| Warmbrand | 20 |
| Wetlike implikasies | 15 |
| Wet op die Aanpassing van Boetes | 61 |
| Wet op die Identifikasie van Diere | 12, 24 |
| artikel 2 | 13 |
| artikel 4 | 13 |
| artikel 5 | 13 |
| artikel 7 | 15, 24, 27 |
| artikel 8 | 15 |
| artikel 9 | 14 |
| artikel 11 | 16 |
| artikel 15 | 15, 16 |
| artikel 16 | 16 |
| artikel 18 | 17, 18, 19 |
| Wet op Oortreding | 59 |
| Wet op Veediefstal | 25 |
| artikel 6 | 24 |
| artikel 7 | 27 |
| artikel 8 | 28 |

ISBN: 978-0-9922220-7-9

AgriConnect
Your communications partner
in the agricultural industry